IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-03-27

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 56

(Bladsye 2852 - 2915)

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 27 MAART 1986.

EDUARD HENDRIK KAREL MATTHYSEN, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mnr. Matthysen, voor die begroting voor die Raad geplaas is, het u verslag gedoen wat aan die raadslede gegee is? -- Dit is korrek.

Ek wil aan u 'n afskrif van daardie verslag toon.

HOF : Die hele verslag?

MNR. BIZOS : Die hele verslag en die Hof se verlof vra om afskrifte in te handig.

HOF : Dit sal AAT(3) wees. Die opskrif van die verslag is Budget Report for the Financial Year 1984/85 Town Council of Lekoa.

MNR. BIZOS : Na die eerste vergadering waarin die begroting bespreek is en na die onluste van 3 September, het u 'n verdere skriftelike rapport of verslag aan lede van die Raad gegee en is dit 'n afskrif daarvan? Dit sal wees AAT(4).

HOF : Die opskrif van hierdie dokument is Budget 1984/85.

MNR. BIZOS : Het u 'n verdere dokument opgestel wat Town Council of Lekoa Executive Committee, extract from agenda of 23/6/84 gemerk is en is dit die dokument? -- Dit is korrek.

HOF : Dit is Extract from the Agenda of 25/6/84, First special meeting. Dit sal AAT(5) wees. Is dit uittreksels uit die agenda van die uitvoerende komitee vergadering van 25 Junie 1984? -- Dit is so.

MNR. BIZOS : Sal u saamstem dat dit van u verwag was om die Raad wat u werkgewer is in te lig na die beste van u vermoë in verband met die begroting wat u voorgestel het? -- Dit is so.

Sal u sê dat u het 'n spesiale plig gehad omdat die Raad nou 'n nuwe Raad was waarin ongeveer 50% van die raadslede nuwelinge was in raadswerk? -- Ja.

En die enigste lojaliteit wat u moes gehad het, was aan



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

die Raad en aan niemand anders nie? -- Dit is reg.

En sal u aanvaar dat u 'n plig gehad het om elke moontlike stap te neem om hulle te verwittig waar hulle geld vir hulle Raad kon kry? -- Ja.

Sê u dat u dit gedoen het op die verslag van - die eerste verslag AAT(3) of nie? -- Ja, ek het dit gedoen.

U sê u het dit gedoen? -- Ja.

En u sê dat die rapport en die konsep begroting was opgestel net vir die doeleindes wat goed is vir die Raad? -- As ek net daar kan sê, ek stem saam, maar ons moet net in gedagte hou dat die Raad werk vir die publiek en dit word altyd in die oë gehou.

Dit was 'n verdere plig dat die belange van die algemene publiek wat daar in daardie gebied gewoon het, was baie belangrik? -- Ek stem saam daarmee.

En die mees belangrike van alles was? -- Ek stem saam dat dit die mees belangrike van alles was, maar die Raad is verkies deur die mense en daarom moet ek my toegewydheid aan die Raad gee en die Raad sal sy toegewydheid weer aan die mense gee.

As iemand 'n begroting opstel, is dit wenslik dat 'n persoon wat daarna kyk in staat moet wees om vas te stel presies hoe die geld ingesamel is en hoe dit uitbetaal is en aan wie? -- Ja, dit gee die geskatte inkomste en die geskatte uitgawe vir 'n spesifieke jaar.

Maar dit moet in die heel eerste plek op so 'n manier opgestel word dat enige persoon wat dit kan lees, moet kan uitvind waarheen die geld gaan? -- Dit is heeltemal korrek.

Sal u asseblief na die eerste bladsy van AAT(3) kyk die vierde laaste lyn waarin u melding maak van "If a project is financed from a reserve fund, it will not affect the levies to be paid by the public." Dit is vanselfsprekend, nie

... / waar

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

waar nie? -- Dit is so.

Ek wil van u weet en ek is seker die Hof wil weet wat was die reserwe wat vir die Raad beskikbaar was gedurende Junie 1984? -- Ek wil graag nou die dokument indien wat gister voor gevra was. Die fondse begroting is deel van die dokument wat na die Departement van Staatkundige Ontwikkeling toe gaan wanneer die begroting goedgekeur word en hier voor in is 'n fondse begroting vir daardie finansiële jaar wat elkeen van die fondse aandui.

Ek is bly dat u daardie dokument gebring het wat ons nog nie gesien het nie, maar kan ons net die syfer kry asseblief, wat was die reserwe? -- Ek kan dit nie gee as 'n enkele totaal nie, omdat daar verskillende reserwefondse is.

Wat is die totaal reserwefondse wat aan die Raad beskikbaar was in Junie 1984? -- Die totaal wat op hierdie dokument verskyn is R1 007 653,73.

Is dit al? -- Dit is korrek.

Is dit die enigste reserwefonds wat beskikbaar was? Gaan dit asseblief deur. -- Ek vra net om verskoning. Ek het vir u die verkeerde syfer gegee. Hy is verdeel in verskillende fondse.

HOF : Ek dink u moet die dokument maar inhandig nadat u daarmee klaar is, maar gee nou maar vir ons die totaal. -- Ek sal die totaal eers bymekaar moet tel, want hy is per bladsy in totaal vir die verskillende fondse en ek het nie een groot totaal nie.

Hoeveel bladsye is daar? -- Hulle is vier.

Gee vir ons net die totale van elke bladsy dan kan ons dit self optel? -- R3 ... (Hof kom tussenbei)

Wat is die naam van die fonds? -- Maintenance Funds.

Dit is hoeveel? -- R3 480 095,63.

... / Dan

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Dan is daar verder? -- Hernuwingsfondse, Renewal Funds, R500 181,16.

Gee maar die volgende een? -- Die derde een is R1 007 653,73 wat ek alreeds vir u gegee het.

Wat is sy naam? -- Miscellaneous Funds.

Dit is nou drie. -- Die ander een is nog steeds onder Renewal Funds en sy totaal is R464 064,71.

MNR BIZOS : Dit is R5 451 995,23.

HOF : Dit is R5$\frac{1}{2}$ miljoen.

MNR. BIZOS : Toe ek u die vraag reg aan die begin gevra het, het u gesê dit was net 'n miljoen?

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Ek is jammer, dit is nie wat die getuie gesê het nie. Die getuie het gesê die totaal op die dokument voor my is R1 007 653,73.

MNR. BIZOS : Maar dit is nie so nie. Die totaal van die dokument is oor die R5 miljoen? -- Dit is korrek.

HOF : Handig die dokument in as ons 'n debat oor die dokument gaan kry. Dit sal wees AAT(6). Die dokument het as opskrif Lekoa Town Council/Stadsraad. Dit is gedateer 25 Julie 1984 en dit het as eerste bladsy 'n brief aan die Hoofkommissaris, Departement van Samewerking en Ontwikkeling, Privaatsak, Bloemfontein.

MNR. BIZOS : Wat noem u hierdie dokument? Noem u dit 'n voorlegging of sal u dit iets anders noem? Wat is u amptelike benaming vir hierdie ding? -- Dit is die fondse begroting.

HOF : Soos deurgestuur na die Departement? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Ek wil vir u vra dat u as hoof van die tesourie van die Raad soos wat u daar staan het nie geweet dat daar oor die R5 miljoen in die reserwefonds van die Raad was nie toe ek u die vraag vir die eerste keer gevra het nie? Is dit so? -- Dit is korrek.

... / Waarom

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Waarom is daardie syfer nie in u rapport AAT(3) uiteengesit nie? -- Omdat hy 'n deel van die dokumente is wat na die Raad toe gaan.

Sê u dat AAT(6) was voor die Raad? -- Ja.

Het een of ander van die raadslede gedurende die begrotings-debat gevra maar as ons R5½ miljoen in die reserwefonds het, kan ons nie die verhoging van die huurgeld vermy en die reser-wefonds gebruik nie? -- Op daardie spesifieke vergadering is dit nie versoek nie.

Maar u self in hierdie rapport - is dit 'n rapport of 'n verslag?

COURT : Which one?

MR BIZOS : AAT(3).

COURT : AAT(3) would be a report. Dit is 'n verslag.

MNR. BIZOS : Die verslag, AAT(3) op bladsy 5, u self erken die volgende - dit is die tweede paragraaf "In order to protect the council's position in this difficult economic climate it is suggested that at least for a small surplus is budgeted." Ek wil nie met u daaroor debatteer nie, maar ek wil dit net onder u kennis bring dat u self erken dat dit gedurende "difficult economic climate" plaasgevind het? -- Dit is korrek.

Waarom het u as die hoof van die departement en 'n persoon wat die ondervinding gehad het, nie aan hulle kennis gegee dat daar R5½ miljoen beskikbaar was nie? -- Die hoofrede waarom dit nie gedoen was nie, was omdat 'n Stadsraad oor reserwefondse moet beskik en elkeen van daardie fondse is toegewys volgens hierdie fondse-begroting aan 'n spesifieke item. Daar is instand-houdingsreserwefondse, vir die rioolnetwerke en as ons na die lys toe kan gaan.

Voor ons na die lys gaan, wil ek dit vir u vra. Was dit nie die reg van die Raad om te weet ... (Hof kom tussenbei)

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

HOF : Wag net 'n bietjie, mnr. Bizos. U het hom gevra waarom het jy nie vir die Raad gesê daar is R5½ miljoen wat julle kan uitgee nie. Nou is hy besig om daarop te antwoord en nou moet u hom die geleentheid gee.

MNR. BIZOS : Goed, ek vra om verskoning. -- Dankie. As ons na daardie dokument kan kyk, AAT(6), dan is elkeen van hierdie verskillende fondse gespesifiseer hierso en dit is nie goeie finansiële beleid om hierdie reserwefondse wat opsy gesit word vir die instandhouding en die daarstelling van geriewe te gebruik om die lopende koste te finansier nie.

Is dit 'n beginsel besluit wat deur u geneem was of 'n beginsel besluit wat die Raad moes geneem het? -- Dit is 'n beginselbesluit wat die Raad moes geneem het.

Maar daardie syfer was nie voor hulle nie? Dit is nou in u verslag, AAT(3). -- Dit is so dat die syfer nie in die verslag genoem is nie, om die redes wat ek voorheen aangedui het.

Waarvandaan het daardie bedrae gekom? Vir hoe lank was daardie bedrae in die bankrekening van die Raad? -- Die bedrae is oorgedra aan die Stadsraad met die totstandkoming van die Stadsraad in Januarie 1984.

Wie het besluit wat die deel van die Raad van die reserwefonds van die Oranje-Vaal Raad sal wees? -- Dit is 'n bedrag wat bepaal was en geouditeer was deur eksterne ouditeure en wat oorbetaal was aan die Stadsrade.

Kan u onthou wat die reserwefonds van die hele Raad was, die Oranje-Vaal Raad, vir die jaar tot 30 Junie 1984? -- Nee, ek weet nie wat daardie bedrag is nie.

HOF : Wat is die beginsels wat die eksterne ouditeure moes volg om te bepaal hoeveel geld aan die Lekoa Stadsraad toegeken moet word? -- Die boeke is bygehou met alle finansiële transaksies deur die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad, totdat

... / daar

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

daar 'n Stadsraad ontstaan het en toe is na my kennis die fondse wat daar was verdeel volgens die aantal persele van elke gebied, in die Oranje-Vaal se ontwikkelingsgebied, maar ek kan nie definitiewe bevestiging daarop gee nie. Dit sal van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad se direkteur finansies verkry moet word.

Het daar uit die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad 'n aantal Munisipaliteite voortgespruit? -- Dit is korrek.

En is dit maar een van hulle? -- Dit is maar een van hulle.

MNR. BIZOS : Op die basis van die mense wat in Lekoa woon in vergelyking met die ander dele van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad se jurisdiksie, die getal huise, wat is die persentasie wat deur die Lekoa Raad se jurisdiksie kom? Kan u sê? -- Ek kan nie sê nie, want die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad se gebied bestaan uit 26 of 27 verskillende dorpe.

Sal u nou saamstem dat u sou u plig beter uitgeoefen het as u aan die Raad gesê het "Kyk, daar is R5½ miljoen wat beskikbaar is. Julle moet nou besluit of 'n deel daarvan gebruik moet word vir die jaar 1984/85"? -- Uit 'n finansiële oogpunt sê ek nee.

Nee, maar dit is die besluit wat u maak. As dit wel 'n besluit was wat die Raad moes gemaak het was dit nie u plig om dit onder hulle aandag te bring nie? -- Ja, ek sou dit onder hulle aandag moes gebring het.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Die begroting wat ter sprake gekom het, was dit 'n inkomste en uitgawe begroting of het dit verder gegaan as dit? Was dit 'n begroting wat ook aandui die waarde van die bates van die Stadsraad? -- Ek weet nie wat u bedoel met die waarde van die bates nie.

Met ander woorde 'n balansstaat? -- Nee, hy word nooit in die begroting vervat, 'n balansstaat nie. Dit is werklike

... / koste

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

koste aan die einde van die finansiële jaar wat in die balansstaat vervat word.

Nee, maar ek wil nou van u weet, normaalweg, vergeet nou van u besondere opset, by 'n Stadsraad, as 'n Stadsraad 'n begroting bespreek, kom daar voor hom die syfers van sy reserwefondse of kom dit nie voor die Stadsraad nie? -- Hy word voor die Stadsraad gelê in dieselfde vorm as wat hy nou hier is.

Die advokaat sê dit is nie voor hierdie Stadsraad gelê nie. Waar het u dit voor die Stadsraad gelê? Waar wys dit uit die dokumente? -- Al wat ek gesê het is dat die nie in my begrotingsverslag verskyn nie.

Nou waar is dit dan wel? Waar verskyn dit wel? As iemand nou rekenkundige kennis het en hy kyk na die state, waar vind hy dit? -- Dit word saam met die begroting en die kapitaal begroting en die fondse begroting met die tariefverhogings aan die Raad voorgelê by die begrotingsvergadering.

Wat is dit nou? Is dit AAT(6)? -- AAT(6) is voorgelê.

En wat nog? Ek sien AAT(6) het Aanhangsel B as AAT(3). Is dit korrek? Is daar van ons ander bewysstukke wat ook deel is van hierdie dokument? -- AAT(2).

Is hy hier by? AAT(2) wat ons voor ons het is hierdie heel dik dokument. Dit is nie deel van AAT(6) nie. Dit kan nie wees nie. -- Hulle word as aparte dokumente aan die Raad voorgelê.

As 'n verkorte dokument? -- Ja.

So, u sê dat hierdie pak dokumente wat AAT(6) is, is net so voor die Raad gewees? -- Dit is korrek.

Die verslag is maar 'n deel daarvan wat Aanhangsel B is? -- Dit is korrek.

En hieruit blyk dan die fondse wat beskikbaar is? -- Dit is korrek.


Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

MNR. BIZOS : Is u seker van u antwoorde wat u aan Sy Edele gegee het? -- Ja.

Net soos die dokument AAT(6) verskyn. Dit was so voor die Raad geplaas? -- Ja, behalwe vir die brief wat gerig is aan die Kommissaris.

Behalwe die brief, was alles daar? -- Die fondsebegroting was daar.

Is u seker daarvan? -- Ja.

Die hele dokument, behalwe vir daardie brief, was voor die Raad soos dit hier verskyn? -- Dit is korrek.

Sal u op bladsy 14 kyk, asseblief.

HOF : Van AAT(6)?

MNR. BIZOS : Ja. Wat is die datum daar op? -- 29/6/84.

Wanneer is die begroting aanvaar? -- 29/6/84.

HOF : Net 'n oomblik. Ek vind heel onder aan 17/7/84. -- Dit is die datum waarop die burgemeester die dokument geteken het.

MNR. BIZOS : U het vir ons gesê dat die lede van die raad, of party van hulle, nuwelinge was? -- Dit is korrek.

Wat was die rede of was die rede van u verslag om hulle te verwittig en te help hoe om regverdige besluite te neem? -- Ja.

Was dit toevallig dat u nie melding gemaak het van die R5½ miljoen reserwefonds in AAT(3) nie? -- Ek het spesifiek nie na die reserwefondse verwys nie, omdat ek dit beskou as swak finansiële beleid, omdat dit fondse is wat opsy gesit word vir spesifieke doele.

Maar miskien volgens die mening van die raadslede wie in 'n gemeenskap gewoon het waarin baie werkloosheid was, sou dit beter gewees het vir die gemeenskap om ten minste 'n deel van daardie R5½ miljoen te gebruik. Dit was hulle besluit? -- As dit so gestel word, moet ek dit so aanvaar.

... / Goed

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Goed, ons kan na die volgende punt toe gaan.

HOF : Wat sou gebeur het indien die fondse aangewend was vir lopende koste buite die koste waarteen dit begroot was? -- Dit kan tot gevolg hê as daar groot instandhouding gedoen moet word sê op rioolwerke wat nou maar een van hierdie instandhoudingsfondse is, dat daar nie geld in die fonds is om daardie werk te doen nie en dat daar elke keer dan weer in die begroting onder die kapitaal sal begroot moet word vir die herstel van daardie items wat 'n direkte koste vir die mense van die Lekoa gebied sal wees. Soos ek voorheen gesê het, omdat dit so is, daarom het ek gevoel dit is swak finansiële beleid om daar die fondse aan te wend om lopende koste te delg en daarom is dit nie in my verslag genoem nie.

MNR. BIZOS : Waar was daardie R5½ miljoen? -- Die fondse is op belegging by verskillende instansies.

Wie het besluit om dit by watter instansie te belê? -- Dit is volgens die finansiële beleid. Die voorsitter of die burgemeester, die stadsklerk en die stadstesourier.

Waar was die geld? -- Ek sal 'n uittreksel moet gaan maak van die beleggingsregister om te kan antwoord by watter instansies dit op daardie oomblik belê was.

Was hulle by 'n bank of nie? -- Hulle was by 'n bank.

Een bank? -- Nee, ek kan nie so uit die vuis uit antwoord nie. Ek is nie 100% seker op die huidige stadium en ook die rentekoers nie. Ek kan net vir u sê dat daar altyd beding word vir die hoogste rentekoerse vir die Raad.

U kan dit nie vir ons gee nie? -- Ek kan dit nie op die huidige stadium gee nie, maar ek kan dit aan die Hof kom voorlê.

Die rente wat die Raad sou gekry het, was dit hoër of laer as dit wat die Raad sou betaal het om geld te leen? --

... / Die

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Die rente wat ons ontvang het op daardie stadium, ek praat onder korreksie, maar ek vermoed dit was 'n hoër rente as wat ons sou betaal het.

HOF : Met ander woorde, u sou minder betaal het op die lenings as die rente wat u inkry? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Miskien sal ons na daardie dokument moet kyk om te sien wat dit was. Sal u saamstem dat vir 'n rekenaar en vir sy kliënt en vir 'n Stadsraad ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Bedoel u 'n rekenkundige of 'n rekenmeester?

MNR. BIZOS : 'n Rekenmeester, dit 'n baie slegte praktyk is om die kolom diverse uitgawes - miscellaneous ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Watter bladsy van watter dokument?

MNR. BIZOS : Bladsy 1 van BEWYSSTUK AAT(2).

HOF : U sê dit is 'n baie slegte praktyk om die kolom diverse uitgawes?

MNR. BIZOS : Baie te gebruik. Stem u saam? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Maar as u uitgawes onder die kolom diverse uitgawes noem, gee dit nie 'n duidelike prentjie aan die mense wat dit lees waarheen die geld gaan nie, omdat hulle moet soek waarheen die geld gaan? -- Ek stem nie daarmee saam nie. Die bladsy waarna verwys word is die opsomming van die werklike begroting en onder "miscellaneous expenses" in die begroting self, is daar onder elke kode 'n bedrag wat voorsien is ten opsigte van verskillende items wat ook daar genoem word.

Goed, ek sal die Afrikaans gebruik, diverse uitgawes. Stem u saam dat in hierdie kolom, dit is kolom 2 op bladsy 1 van AAT(2) 45% van die uitgawes van u Raad aan die persoon wat die begroting lees onder die kolom van diverse uitgawes "miscellaneous expenditure" kom? -- Dit is korrek, want dit

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

is al die lopende koste van die Stadsraad.

"Miscellaneous". Ek wil dit aan u stel dat so 'n hoë persentasie onder "miscellaneous", wat ek 'n makliker woord vind, misleidend is vir persone wat nie te veel ondervinding het nie?

HOF : U bedoel wat nie verder as die eerste bladsy lees nie?

MNR. BIZOS : Dit is miskien so.

HOF : Dit is nie heeltemal billik nie. Ek dink u moet darem die getuie eers vra om verder in die dokument vir u te wys waar dit staan. 'n Mens kan nie net een bladsy van 'n dik dokument vat en sê as jy dit op sigself vat is dit misleidend as meer as die een bladsy voor die persone was nie.

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat soos bladsy 1 opgestel is, is daar nie die regte terminologie gebruik om die mense te sê waar die geld heen gaan nie en ek sal 'n voorbeeld aan u noem. Wat sê u van daardie stelling? -- Ek stem nie saam nie, omdat hierdie begroting opgestel is volgens voorskrifte in die finansiële regulasies van die Departement.

Die Departement van wat? -- Die Departement van Samewerking en Ontwikkeling op die huidige stadium en dit was die Departement van Staatkundige ... (getuie voltooi nie die sin nie)

HOF : Net voordat u verder gaan, mnr. Bizos. Waar kom die regulasies vandaan? Kom dit van die Departement af of kom dit van die tesourie af? -- Nee, dit kom van die Departement af.

MNR. BIZOS : Want u sien, ek wil aan u stel dat u het in hierdie geval ten minste as 'n werknemer van die Raad opgetree. Verstaan u die vraag? -- Nee, ek verstaan nie die vraag nie.

Ek wil dit aan u stel dat toe u die dokument opgestel het, dit wil sê AAT(3), het u uself nog as 'n werknemer van

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

die Oranje-Vaal beskou? -- Nee.

Nie? -- Nee.

Lees asseblief bladsy 6 van u verslag.

HOF : Dit is nou AAT(3)?

MNR. BIZOS : AAT(3). Lees dit uit, asseblief, waar dit begin met "The Board will therefore have now very carefully to determine its priorities of the capital program considering the needs and payment abilities of the residents. The council must use the economic stand rental as basis to decide how much the residents can pay additional for capital expansion and then within that limit according to the Board's priorities draw up a capital program."

Wie was die "Board"? -- Die "Board" is die "council". Dit is miskien taalkundig nie korrek beskryf nie.

Maar 'n taal is die enigste manier hoe 'n mens kan uitvind hoe 'n persoon se gedagtes gaan? Nie waar nie? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Op watter ander manier kan ons uitvind hoe 'n persoon dink as hy nie sy gedagtes in woorde stel nie? -- (Geen antwoord)

Het u enigiets verder om te sê? -- Nee, ek het niks verder om te sê nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Net een vragie, is hierdie verslag aan die Oranje-Vaal Raad voorgelê of aan die Stadsraad van Lekoa? -- Hy is aan die Stadsraad van Lekoa voorgelê.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Die woord "Board" en die woord "council" in daardie twee paragrafies, is dit dieselfde? -- Soos ek pas verduidelik het, het ek miskien net die verkeerde taal gebruik, maar dit was bedoel as die "council".

MNR. BIZOS : Het een of ander van die raadslede nie dalk u aandag daarop gevestig dat hulle nie die "board" was nie?



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

-- Nee.

Ek wil na daardie verslag terugkom. Ons het baie in hierdie saak gehoor van die verhoging van huurgeld waar die mense woon by hulle huise. Wys vir my, asseblief, met hoeveel die huurgeld van besigheidsplekke verhoog was? -- Daar was geen verhoging vir besigheidspersele nie.

Maar waarom nie? -- As die dienste van die publiek verhoog, dan verhoog ook die dienstegelde wat die winkeleienaars betaal en dit het niks te doen met die winkelhuur op sigself nie.

HOF : Laat ek net die antwoord begryp. Ek het van u verstaan dat behalwe in die gevalle waar mense hulle eie huise gekoop het, waar hulle 'n afsonderlike rekening kry vir water, in die ander gevalle waar mense huise huur, hulle een rekening kry wat insluit werklike huur en insluit dienstegelde. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Hoe betaal die persone wat 'n winkelperseel huur? -- Die persoon wat 'n winkel huur by die Stadsraad, betaal 'n ekonomiese huur aan die Stadsraad vir die winkel en dan betaal hy ook sy dienstegelde aan die Stadsraad soos van tyd tot tyd afgekondig in die Staatskoerant.

Dus hy betaal daardie dienstegelde afsonderlik? -- Hy betaal die dienstegelde afsonderlik volgens die diens wat daar gelewer word soos uiteengesit in die tariewe.

MNR. BIZOS : Was daar enige gesprek by die begrotingsdebat om 'n ekonomiese huurgeld vir die besigheidsmense daar te laat betaal? -- Een van die raadslede het baie sterk op die punt gestaan dat die besighede baie swaarder belas moet word, maar dit is uiteindelik deur die Raad besluit dat dit nie so gedoen sal word nie.

Sal u asseblief na AAT(5) kyk. Ek verwys na bladsy 13.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

HOF : Dit begin bo met "Tariffs" en daar is daar 12.1.5.

MNR. BIZOS : U sien daar is drie kategorieë van winkels. "Category A, category B, Category C." -- Dit is korrek.

"83/84 tariffs - 84/85 tariffs" en hulle bly dieselfde? -- Dit is korrek.

Kan ek u vra of u vir ons kan sê hoe groot 'n kategorie A winkel is in vierkante meter? -- Ek kan nie vir u sê hoe groot 'n kategorie A winkel in vierkante meter is nie, omdat hierdie kategorieë wat uitgespel was voorheen op die tipe besigheid geklassifiseer word en nie op die grootte van die besigheid nie.

HOF : As u bedoel grootte, bedoel u vloeroppervlakte? -- Vloeroppervlakte, ja.

MNR. BIZOS : Wat se soort besigheid is kategorie A? -- Ek het nou ongelukkig nie die lys by my nie, maar 'n slaghuis ressorteer byvoorbeeld onder kategorie A.

Wat nog? Supermark? -- Supermark sal kategorie A wees.

Wimpy Bars? -- Ja, ons het nog nie sulke goed in ons gebied nie, maar ek kan 'n dokument aan u ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Kentucky Chicken? -- Dit is korrek.

Is daar 'n Kentucky Chicken in die gebied? -- Daar was een gewees, ja.

Hoeveel huurgeld het hulle aan die Raad betaal? -- Hulle het vir hulle volle dienste betaal volgens hierdie tariewe plus die "trading site rental" wat ons noem of 'n handelsreg wat hierso gespesifiseer is onder 12.2.

Wat is u antwoord? Hoeveel huurgeld het Kentucky Chicken betaal? -- Ek ken dit nie uit my kop nie en ek sal die drukstukke moet gaan nagaan, die perseel moet ek gaan spesifiseer om te kyk, u weet, of dit die mense se eie gebou was,

... / al

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

al daardie tipe van ding. Onder huurgeld dek ons nou 'n baie wye grond hierso.

Ek weet, maar volgens die tariewe wat op BEWYSSTUK AAT(5) voorkom wat gebruik is vir die begroting kon dit nie meer as R122,00 gewees het nie. Ons praat nie van dienste nie. Dit is iets anders. Hulle het grond van die Raad gebruik en 'n monopolie daar gehad om kuikens te verkoop. Wat het die Raad vir daardie reg gekry? -- R122,00 per maand.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. As 'n mens die perseel huur, die kaal perseel onbebou, is dit dan R122,00? As jy nou 'n huis daar opsit en dit is jou eie gebou, dan betaal jy nie ekstra nie? -- Nee, dan betaal jy nie ekstra nie.

En as jy die Raad se gebou huur? -- As jy die Raad se gebou huur, dan betaal jy 'n ekonomiese huur vir die gebou.

Of is dit dan ingeslote in die R122,00? -- Nee, dan is dit huurgeld apart. Die persoon moet betaal huurgeld vir die gebou plus dan die dienste, plus dan hierdie wat ons altyd geklassifiseer het as 'n handelsreg wat hy per maand moet betaal.

Dit is R122,00 wat nie eintlik huurgeld is vir die gebou nie, soos wat iemand anders 'n huis huur nie? -- Nee.

Dit is die reg om daar handel te dryf? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Maar is dit heeltemal reg in verband met die winkels wat voorheen deur die Raad of die Administrasieraad gebou was? -- Waar 'n gebou deur die Administrasieraad opgerig was, daar het die man net 'n handelsreg betaal wat die huurgeld van die gebou ingesluit het.

HOF : Met ander woorde, as die Administrasieraad die gebou gehad het, dan het hierdie "trading site rental" ingesluit perseel plus gebou? -- Dit is korrek.

Met ander woorde, soos iemand 'n huis huur, het hy dan

... / vir

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

vir R122,00 alles gehuur? -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Het u, 'n persoon met u ondervinding, dit regverdig beskou dat die handelaars sy huurgeld of die bedrag wat hulle moes betaal het nie verhoog moet word gedurende 1984 nie? -- Soos ek gesê het, dit was deur een van die raadslede by name Paul Mahlatsi baie pertinent gestel dat daardie goed verhoog moet word en die Raad het besluit dat dit nie op daardie stadium gedoen moet word nie.

Dit is nie die burgemeester nie? -- Nee, dit is nie die burgemeester nie.

En alhoewel hulle familie is, verstaan ek dat die burgemeester en mnr. Paul Mahlatsi nie - daar is persoonlike geskille tussen hulle? -- Ek weet nie daarvan nie.

Hoeveel besighede het die burgemeester in die Raad se gebied? -- Ek kan die vraag nie so uit die vuis uit beantwoord nie.

Min of meer? -- Ek weet van 'n vulstasie wat hy het en dan was daar 'n konsortium wat gestig was, naamlik Mahlatsi Holdings wat sekere besighede besit in die gebied. Hoeveel dit is kan ek werklikwaar nie nou vir u op die oomblik sê nie.

Is die notule beskikbaar toe hierdie debat plaasgevind het dat besigheidspersele se huurgeld verhoog moet word? -- Nee, daar is nie bande of so beskikbaar van daardie samesprekings nie.

Ek wil u asseblief na bladsy 39 verwys van BEWYSSTUK AAT(2). Ek wil aan u stel wat 'n rekenmeester wat hier sit vir my gesê het en ek wil u vra of u saamstem of nie, dat daardie bladsy van die begroting wys dat daar 'n verlies in die begroting is van R419 281,00. Dit is amper die laaste inskrywing. -- Ek stem nie met die syfer saam nie.


Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Daar was 'n verlies van - may I just change the question, I was confused with the figure, I had the wrong one underlined - R52 750,00. That is a loss on the business premises of the Board, of the council.

HOF : Dat daar op sakepersele van die Raad 'n verlies is van R52 750,00, sê die advokaat. Wat sê u daarvan? -- Dit is korrek so.

MNR. BIZOS : Ek wil vir u vra of u weet van enige Munisipaliteit of enige ander Stadsraad op die aarde wat 'n verlies maak op die feit dat dit grond het wat vir besigheidsdoeleindes gebruik is en dit 'n verlies maak? Hoe kan dit gebeur? -- Ek wonder ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Dit is die eienaar van die grond, dit is deur mense wat handel dryf daarop en daar is 'n verlies. Hoe kan dit gebeur? Hoe is dit 'n gesonde finansiële beleid? -- Ek stem saam dat daar 'n verlies van R52 750,00 op daardie persele is en ek stem saam dat geen Stadsraad 'n verlies op sulke persele behoort te wys nie. Dit is ongelukkig so dat in jou Swartgebied het jy die unieke probleem waar jou Stadsraad die geboue moet oprig vir jou handelaar om lewensvatbaarheid in die gebied te weeg te bring. Verder is dit die eerste begroting wat deur hierdie spesifieke Stadsraad oorweeg moes geword het en soos ek sê, die verhoging van die tariewe was baie sterk ter sprake en die Raad het besluit dat daar klein besigheidsmanne is wat te swaar kry en dat hy dit nie gaan verhoog op daardie stadium nie. Dit het redelik sterk na vore gekom dat daar in die toekoms baie sterk na hierdie ding gekyk sal word.

Het u in u verslag, BEWYSSTUK AAT(3), miskien na bladsy 39 verwys en gesê "Here, party van hulle is die eienaars van besighede in ons Stadsraad se gebied. Julle moet asseblief julle onttrek van die debat en die ander mense wat nie besighede

... / het

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

het in die Stadsraad se jurisdiksie nie, moet nou besluit of dit regverdig is dat die huurgelde van besighede nie verhoog moet word nie? -- Nee, daar is nie so 'n versoek gerig nie.

HOF : Sou dit u plig wees om daardie versoek te rig of sou dit die Stadsklerk se plig wees om die Raad daarop te wys dat mense wat 'n belang het hulle moet onttrek aan besprekings? -- Dit sou die plig van die Stadsklerk wees.

MNR. BIZOS : In elk geval, u was teenwoordig by die uitvoerende raad se besprekings en die Raad se besprekings en die Stadsklerk het nooit aan die burgemeester en die ander besigheidsmanne wat lede van die Stadsraad was raad gegee om te onttrek nie? -- Nee.

U sê dat die besigheidsmanne of party van hulle swaar gekry het en dit was besluit in hulle guns dat die tyd nou nie reg was om hulle huurgeld te verhoog nie. Is dit so? -- Dit is korrek.

Maar is daar nie baie mense wat handel dryf wat baie ryk geword het nie? -- Dit is seker so.

Het u toe u AAT(3) opgestel het, gesê "Here, dit is onregverdig dat die arm en werklose mense moet nou R52 000,00 inbetaal om die besigheidsmense te help?"-- Dit is nie so in die verslag uitgespel nie, maar ek het al my steun gegee aan die raadslid wat voorgestel het dat hierdie ... (Mnr. Bizos kom tussenbei) ... koste baie moet verhoog.

Sal dit in die notule voorkom dat u daardie standpunt of by die uitvoerende komitee se vergadering of by die Raad se vergadering geneem het? -- Nee.

Waarom nie? Is die notule nie 'n korrekte ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het u 'n woordelikse notule? -- Ons het nie 'n woordelikse notule nie.


Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

MNR. BIZOS : Maar is dit nie belangrik om so 'n belangrike gebeurtenis in die Raad te notuleer nie, dat die tesouriedepartement waarsku dat dit onregverdig sou wees? -- Dit is nog nooit so gedoen nie.

U sien, ek wil aan u stel dat gedurende Juniemaand en gedurende Augustusmaand by baie vergaderings wat deur die mense van die gebied gehou was bewerings gemaak was dat die raadslede daar is vir hulle eie wins. Aanvaar dit dat dit so gesê is. Volgens bladsy 39 van hierdie bewysstuk sal u saamstem dat dit 'n regverdige bewering was of nie? -- Nee, ek sal nie sê dit is onregverdig nie, alhoewel daar besigheidsmanne op die Raad is, is hulle nie die totale besigheidshouers in die hele gebied nie.

Het u uself dit as regverdig of onregverdig beskou dat R52 000,00 deur die mense wat huurgeld betaal in 'n begroting wat 'n tekort wys betaal moes word vir die voordeel van die besigheidsmense? -- Ek het dit uit 'n finansiële oogpunt as onregverdig beskou, maar as 'n mens kyk na die werkverskaffing wat baie van die mense in die gebied gee, in 'n tyd van werkloosheid, dink ek nie dit was miskien so 'n baie swak besluit nie.

Kan u, as 'n persoon met u ondervinding, dit as regverdig beskou dat 'n persoon wat werkloos is met 'n vrou en miskien drie of vier kinders moet nou sy huurgeld verhoog word vir die voordeel van 'n besigheidsman wat miskien vir 'n neef van hom werk gee in sy winkel? Is dit wat u sê? -- Soos ek pas gesê het, uit 'n finansiële oogpunt, moet ek sê dit is nie goeie finansiële beleid dat dit onekonomiese diens is nie.

Wat van die morele standpunt? -- Die morele standpunt is dat daar meer mense sal werkloos wees as baie van daardie besighede moet ondergaan en dat die posisie binne-in die gebied

... / baie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

baie kan vererger.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kan ek net hierso vra, op bladsy 39, hier is wel 'n woord inkomste "income", maar daar is geen syfer getoon nie. -- Nee, as u net onderkant hom kyk onder pos 1161 daar is 'n bedrag van R419 281,00 gereflekteer.

Is hierdie opskrif bo 'n kode? -- Die heel boonste een op die bladsy is 'n kode met die sub-kode wat net langs die beskrywing staan en dan onder die kolom "estimates", daar kry u die bedrag wat begroot word. Ek wil dit net aan die Hof ook uitwys dat die finansiële implikasie per perseel in die gebied is 1,4c per huis per maand vir hierdie - om hierdie bedrag te delg.

MNR. BIZOS : Ja, dit is 'n interessante bedrag. Is dit nie 14c nie, maar in elk geval, wat dit ook al is, ek wil dit aan u stel ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, maar as u die syfer nou betwis moet ons duidelikheid kry, anders kom u later met 'n syfer van 14 en dan het ons die ding nie opgeklaar nie. -- Ek is jammer, dit is 14,4c.

14,4 of 14c? -- 14c.

14c? -- Ja.

MNR. BIZOS : Sal u saamstem dat die finansiëring van stedelike raadsgebiede deur die belasting wat gehef is op besigheidspersele, die Stadsrade baie help? -- Dit is in die Blankegebiede so.

HOF : Dit is nou Johannesburg, Pretoria ensovoorts? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : En die rede daarvoor is dat mense wat handel dryf profyt maak en die waarde van die grond waarop hulle hulle besigheid bedryf word waardevol, nie so nie? -- Dit is heeltemal reg.

Dit help op 'n indirekte manier om die dienste van die

... / Stadsraad

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Stadsraad of die Munisipaliteit te verbeter? -- Dit is heeltemal korrek so. Ek wil net graag verder daarop gaan en net daarop wys dat Stadsrade in baie plekke om eers die besighede gevestig te kry, baie, baie lae tariewe vir besighede daarstel.

Jammer, ek het nie daardie opmerking verstaan nie. Sal u dit asseblief vir my verduidelik.--Wat ek gesê het, was dat Munisipaliteite, om die besighede te kry om hulle in jou gebied te vestig, moet jy die belastings vir hulle so lig moontlik maak sodat vir die besigheidsman en die industrialis aantreklik word om binne-in jou gebied so 'n onderneming te kom vestig.

Ja, maar dit is reg aan die begin toe 'n plek opgerig is. Is dit nie so nie? -- Dit is so, maar die Swartgebiede is in die vroeë proses. As ons kyk na die aantal besighede wat gevestig is en die aantal mense wat daardie besighede moet bedien, in vergelyking met omliggende Stadsrade.

Sal u saamstem dat die ongeveer 300,000 mense wat in Lekoa woon hulle inkopies doen of in Lekoa self of in Vereeniging of in Vanderbijlpark? -- Dit is korrek.

Het u ooit gehoor van die ou beginsel toe die sogenaamde lokasies 'n deel van die Munisipaliteit se bestuur was, of die lokasies was deur die Munisipaliteite bestuur? -- Ja, die Swartgebiede was eers deur die Munisipaliteite bestuur jare gelede.

En was daar 'n subsidie betaal aan die sogenaamde lokasie-administrasie van die Stadsraad? -- Ek wil net graag weet deur wie die subsidie betaal sou word?

U kan nie onthou of dit so was of nie? -- Daar het geen, sover my kennis strek, Staatsubsidies gekom behalwe miskien vir gesondheidsdienste ensovoorts nie. Die bedrae wat ingevorder was, was op die destydse Bantoe-inkomsterekening gereflekteer wat deur die Munisipaliteite bygehou is.

.../ Is

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Is enige poging deur u Departement aangewend om na die Stadsrade van Vereeniging en Vanderbijlpark te gaan en te sê "Here, 300,000 mense doen hulle inkopies hier by julle. Julle belasting word verhoog en asseblief ons wil 'n subsidie hê vir die werk wat ons hier in Lekoa doen"? Is dit ooit gedoen? -- Dit is op 'n latere stadium gedoen, maar nog nie op daardie vroeë stadium nie. As ons in ag neem dat die Stadsraad maar sy beslag gekry het op 1 Januarie 1984 en dat hierdie goed in die sesde maand ter sprake gekom het, is dit 'n baie, baie kort tydperk om aan al hierdie goed aandag te gegee het.

Was die maklikste oplossing om net die huurgeld te verhoog en nie ander stappe te neem nie? -- Die verhoging sou beteken het dat daar baie beter fasiliteite vir die inwoners van die gebied sou gekom het en die betrokke besluit wat daar geneem was was vir 'n groot kapitaalprogram en daarom was die verhoging daar.

Die vraag was, waarom het u nie aan die Stadsraad voorgestel "Here, laat ons na Vanderbijlpark en Vereeniging gaan en vra dat ons mense se geld op 'n indirekte manier gaan na die sakke van die sakemanne wat in daardie Munisipaliteite handel dryf. Laat ons asseblief 'n subsidie kry om die verhoging van die huurgeld te vermy" nie? -- Ons bly in 'n land van kapitalisme en die werkgewers in die Vaal Driehoek gebied, dit is nou Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg, Meyerton, hulle verskaf werk aan duisende mense en hulle dra deur middel van huise wat hulle op die huidige stadium oprig vir hulle mense baie by tot die gebied en ek dink nie, u weet, onderhandelings met daardie mense om 'n subsidie van besigheidsmanne te kry sou in elk geval afgehandel gewees het vanaf die datum wat ek aangestel was 1 Mei 1984 totdat hierdie begroting goedgekeur was op 29 Junie nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Is die klagte van baie mense in Lekoa nie dat hulle nie 'n kans gegee is om 'n kapitalis te word om hulle eie grondeienaars te word nie? -- Ek is nie 'n politikus nie en ek kan nie antwoord op besluite wat ander mense geneem het nie.

Weet u van enige subsidie wat Sasol gegee het aan enige Raad vir die doeleindes? -- Ons is tans besig met projekte waar Sasol gedeeltes van die infra-struktuur, waar ons persele aan hulle toegeken het, waar hulle 50% van die ontwikkeling van daardie persele bydra.

Is dit deur ander rade gedoen gedurende 1984? -- Die enigste raad wat daar was was die privaat hostelle wat opgerig was deur verskeie maatskappy in die gebied.AECI en Sasol het privaat hostelle opgerig.

Yskor, Eskom? -- Eskom het 'n hele behuisingsprojek in die gebied gehad in 1984.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit persele wat deur hulle mense opgeneem is? -- Dit is persele wat toegeken word aan daardie maatskappye en dan doen hulle die ontwikkeling daarvan en na 'n sekere termyn word daardie eiendom die eiendom van die Stadsraad, maar hulle het altyd die voorkeur dat hulle mense die huise kan beset.

MNR. BIZOS : Weet u dat as gevolg van daardie soort subsidie die huurgelde van die ander Stadsrade in die omgewing, soos Sasolburg en andere, laer is vir soortgelyke huise as die van Lekoa? -- Kan u net asseblief die vraag herhaal?

Weet u hoe vergelyk die huurgeld wat deur 'n persoon in Lekoa betaal is met ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik, mnr. Bizos. Is ons nou besig met die huidige posisie of is ons besig met 3 September 1984?

MNR. BIZOS : 1984.

HOF : Laat ons ons dan daarby bepaal. Verder wil ek net dit

... / sê

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

sê. Ons is besig met 'n hoogverraadsaak. Ons is nie besig met 'n finansiële ondersoek na die sake van die Stadsraad nie. U kan dit aanraak, ek gaan u nie keer nie, maar u moet nie van
K171 my 'n beslissing verg oor R52 750,00 of dit goed of sleg is nie. Dit is die Stadsraad se prerogatief.

MR BIZOS : I am mindful of this, but the State has led this evidence and has led evidence of councillors in an attempt to show that this was - there was no way out. Your Lordship will recall that the allegations are that we made unjustified complaints against the councillors. I do not want to take it too far, because as Your Lordship indicated, Your Lordship is not a commission of inquiry, but on the other hand, we do not want to fall between two stools, but if we do not challenge it, Your Lordship may be asked by the State to find that we were making unfounded allegations against the councillors, but I do take Your Lordship's point with respect and I would try and make it as brief as possible.

COURT : Especially in view of the fact that this person was only appointed on 1 May. You cannot expect much from him between 1 May and June when his budget is in.

MR BIZOS : Perhaps I should reserve some of these general things for someone else.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

EDUARD HENDRIK KAREL MATTHYSEN, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mnr. Matthysen, in verband met die persele waarop handel gedryf is, sal u saamstem dat 'n verlies gewys is in verband met die verskaffing van elektrisiteit aan die besigheidspersele? Sal u asseblief na bladsy 44 kyk?

HOF : Van watter dokument?



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

MNR. BIZOS : AAT(2).

HOF : Waar moet ons kyk?

MNR. BIZOS : Die heel laaste syfer van R49 624,00. Is dit reg dat daar wel 'n verlies is in verband met die verskaffing van elektrisiteit? -- Soos hy getoon word in die begroting is dit so, daarom is daar in die bylae hier, ek soek net die bladsy, vertoë aan die Raad gerig dat die elektrisiteitstarief verhoog moet word om hierdie tekort uit te wis.

HOF : Die tekort is R49 624,00? -- Dit is korrek.

En dit is 'n tekort wat gegenereer is deur handelspersele se gebruik van elektrisiteit? -- Nee. Dit is die elektrisiteit van die gemeenskapsdienste-eenheid.

Wat is dit? -- Wel, dit is al die behuisingskantore plus - ek dink nie hier is verdere elektrisiteit nie. So, dit moet die hele dorpsgebied se elektrisiteit wees.

MNR. BIZOS : Is u seker daarvan? -- Ek is doodseker daarvan, ja.

HOF : En het u aanbeveel dat die tarief verhoog word? -- Ja, ek soek net gou-gou die plek hierso. As ons blaai na AAT(5) bladsy 18.

Ja, dit toon aan dat tussen 83/84 en 84/85 jare daar by elke item 'n verhoging is. -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Ons het u gister gevra in verband met die bedrag wat vir administrasiedoeleindes gebruik is. Sal u saamstem dat op die volgende bladsye, dit wil sê 12, 13, 17, 22 en 24 van AAT(2), daar bedrae is wat voorkom in verband met administrasie? Ek wil u vra om te aanvaar dat daardie administrasiesyfer R4 149 521 is. Ons kan van R4,1 miljoen praat.

HOF : Nou moet u net die getuie die geleentheid gee om te kyk of op elke bladsy dit werklik 'n administratiewe punt is of syfers is.



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

MNR. BIZOS : Stem u saam?

HOF : Mnr. Bizos, kan u net die getuie wys op bladsy 12 en 13 en so meer wat u bedoel, dan gaan dit soveel makliker.

MNR. BIZOS : Die syfer van R630 911,00 op bladsy 12 "Administration charges." Sien u dit? -- Ek sien dit.

Bladsy 13, 'n syfer van R246 174 "Administration charges". Bladsy 22 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net ter duidelikheid. Die kode by die eerste administrasiekoste was 00214. Hierdie een is 00217. Wat beteken dit? Beteken dit verskillende soorte administrasiekoste? -- Dit is verskillende soorte administrasiekostes soos u van die opskrifte sal kan aflei en dan om hom na 'n spesifieke kode toe toegewys te kry.

MNR. BIZOS : Dan bladsy 17, R2 145 892,00 "Administration charges." Bladsy 22, R232 930,00. Bladsy 24, R301 239,00.

HOF : Kom ons aanvaar dat dit korrek opgetel is deur die geleerde advokaat. Wat is dan die totaal, mnr. Bizos?

MNR. BIZOS : R4 149 521,00.

HOF : U kan die syfer voorlopig as korrek aanvaar. -- Baie dankie.

MNR. BIZOS : Ons sien in die begroting dat daar melding gemaak word van die lone of salarisse van Swartmense, maar ons sien nêrens in die dokument salarisse of lone aan Blankemense nie? -- Ek kan dit verduidelik. Die rede daarvoor is, weens die kort tydperk wat die Stadsraad bestaan het op daardie stadium en slegs die departementshoofde van departemente eintlik nog aangestel was, was die administrasie namens die Stadsraad gedoen deur die Ontwikkelingsraad.

Dit sou baie duideliker gewees het in die begroting, sou dit nie, die bedrag wat ons moet betaal aan die Raad is R4,1 miljoen vir die administrasie. Dit sou die korrekte



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

manier gewees het om dit te wys, dat die Stadsraad moet R4,1 miljoen aan die Oranje-Vaal Raad betaal, nie waar nie? -- Dit is presies wat gedoen is. Dit is hoekom dit daar staan onder administrasiekoste.

Waar kom dit hier voor in u verslag in AAT(3) dat "Here, ons is nou verantwoordelik vir die administrasie van die Lekoa en ons moet die Oranje-Vaal Raad R4,1 miljoen betaal en julle moet nou besluit of julle met daardie Raad wil onderhandel of julle daardie syfer aanvaar of miskien gedurende die onderhandeling moet julle ander planne beraam vir die beter administrasie van die Raad"? Waarom is dit nie in u rapport om die mense wat nie die ondervinding gehad het nie te verwittig? -- U sal toegee dat as ek elke detail van elke betaling wat vervat is in hierdie begroting moet uitspel aan raadslede gaan dit 'n taamlike lywige dokument wees. U weet, wat miskien belangrik beskou word vir een persoon is nie so belangrik vir 'n ander persoon nie en omdat hierdie administrasiekoste met sy volle verduideliking aan die Raad gegee was en die Raad ten volle bewus was dat baie van die administrasie nog deur die Ontwikkelingsraad vir hulle gedoen moet word, is hy net so in die begroting gespesifiseer.

Dit is 'n soortgelyke posisie soos in 'n beherende maatskappy met 'n filiaal. Die beherende maatskappy sê partykeer "Ons sal julle sake administreer en ons wil 'n fooi daarvoor hê." Daar sal miskien onderhandelinge wees tussen die filiaal en die beherende maatskappy om regverdig te wees teenoor altwee die maatskappye. Is dit nie 'n soortgelyke situasie hier nie? -- Dit is heeltemal korrek. Die Stadsraad het die Administrasieraad versoek om die administrasie namens hom te doen omdat dit onmoontlik is om as Stadsraad binne-in 'n kwessie van ses maande ten volle van alle personeel te voorsien en die hele

... / administrasie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

administrasie oor te neem.

Wie het die fooie vasgestel? Wie het die R4,1 miljoen vasgestel? Watter onderhandeling was daar deur u namens u werkgewer om dit te verminder?

HOF : Wag nou, dit is nou twee vrae. Die eerste vraag is, wie het dit vasgestel? -- Die bedrag is vasgestel op 15% van die totale inkomste van die Stadsraad van Lekoa deur die Ontwikkelingsraad en ons Raad het dit so aanvaar. Daar was baie onderhandelinge tussen-in en die administrasiekoste is ook verminder in die gevalle waar ons, soos die jaar aangegaan het, die dienste oorgeneem het.

MNR. BIZOS : Wanneer is dit gedoen? Wanneer is dit vasgestel? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie, maar ek kan dit vir die Hof kry.

Wie het die Stadsraad verteenwoordig en wie het die Oranje-Vaal verteenwoordig om daardie 15% vas te stel? -- Dit was onderhandelings tussen die amptenary van die Ontwikkelingsraad en die Stadsraad. Dit is oorgedra aan die Stadsraad wat besluit het dit is vir hulle aanvaarbaar.

Is daar 'n notule van die vergadering van die twee liggame waarop die persentasie vasgestel was of 'n ooreenkoms daaroor aangegaan was? -- Ek sal moet gaan seker maak daarvan. Ek is nie seker nie. Dit was nie in 'n amptelike vergadering gedoen nie.

Ek wil aan u stel dat 15% vir administrasie is volgens die rekenmeester wat hier in die hof sit as administrasiefooie veels te hoog is vir enige soort besigheid?

HOF : Insluitend 'n Stadsraad?

MNR. BIZOS : Insluitend 'n Stadsraad.

HOF : Ons moet nou nie 'n Stadsraad met 'n besigheid vergelyk nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

<u>MNR. BIZOS</u> : Van enige liggaam, 15% van die totale inkomste van die Raad of enige liggaam, dit verhoog is en dit nie regverdig is nie? -- Dit mag miskien die siening wees van die rekenmeester van die agbare lid, maar dit is nie my siening nie, in elk geval nie in 'n Stadsraad nie, omdat as jy mense moet aanstel plus al hulle voordele en jy gaan maak 'n ontleding daarvan, dan is 15% nie buitensporig nie.

Kan u u getuienis van gister namiddag onthou toe ek u vir 'n persentasie gevra het? Kan u onthou wat u antwoord was? -- Die vraag was, as ek reg kan onthou, gister oor 'n bedrag wat bestee was aan die administrasie van ons raad. Daarvoor sou ek 'n volle uittreksel moes gaan maak.

Die maklikste antwoord daarop sou seker gewees het eerstens 15% van die inkomste van my Raad moes na die Oranje-Vaal Raad gaan vir administrasie. Dit sou baie, baie maklik gewees het om aan Sy Edele te sê. Stem u saam? -- As die vraag so gevra was, sou dit seker so gewees het.

U is gevra watter deel van die inkomste van u Raad is vir administrasiedoeleindes gebruik en u het gesê dat dit baie moeilik sal wees om dit uit te werk omdat daar administrasiefooie is in elke departement en dit sal baie moeilik wees om dit uit te werk. Kan u onthou? Dit was Sy Edele wat die vraag gestel het of probeer het om my vrae op te klaar? Kan u dit onthou? -- Volgens my was die vraag wat gevra was wat die totale koste was wat aan bestuursadministrasie in die Stadsraad bestee sou word.

Ek wil aan u stel dat in u verslag <u>AAT(3</u>) in die begroting self en in u hoofgetuienis en in kruisondervraging gister het u probeer om dit nie te duidelik te maak dat 15% van die inkomste van die Raad aan die Oranje-Vaal Raad betaal was nie? -- Ek wil net sê dat die vraag was nie gister aan my

... / gestel

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

gestel aan wie die Raad administrasiekoste betaal nie. Die vraag aan my was gestel wat is die koste vir bestuursadministrasie van die Lekoa Stadsraad en soos ek pas gestel het, is dit dan ook nie, as ek nou gister vir die Hof gesê het 15% sê 'n ware weergawe nie, want ons sou moes gaan kyk het watter dienste gedurende daardie jaar oorgeneem is en dit van daardie administrasiekoste aftrek wat hier op die begroting voorsien is en dan werklike koste wat ons betaal het daar moes byvoeg.

Miskien toe mnr. Mahlatsi aan die beriggewer van die Star gesê het dat die rede waarom die huurgeld verhoog moet word is omdat 1,500 mense oorgeneem is, was hy nie heeltemal verkeerd nie? -- Ek weet nie wat impliseer die vraag nie en of dit net weer gestel kan word nie.

Het u enige kommentaar daarop te lewer? -- Ek kan nie praat namens die burgemeester van die Lekoa Stadsraad nie. Hy het die persverklaring gedoen en soos ek gister te kenne gegee het dra ek geen kennis van daardie verklaring wat hy gemaak het nie en stem ek nie met die syfers in die verklaring saam nie.

Gedurende die debat vir die goedkeuring, al dan nie, van die begroting, het enige raadslid gesê "Here, ons moet na die Oranje-Vaal Raad teruggaan en sê dat die 15% te veel is en ons moet dit laat probeer verminder"? Het enige persoon so gesê? -- Nee.

Ek wil aan u sê dat soos die dokumente deur u opgestel was, dit baie moeilik sou gewees het vir die meeste van daardie raadslede om uit te werk dat 15% van hulle inkomste so aan die Raad oorbetaal sou word? -- Dit is inderdaad so dat dit seker baie moeilik sou wees vir baie van daardie raadslede, maar dit is ook so dat nie al daardie administrasiekoste

.../ oorbetaal

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

oorbetaal is nie omdat, soos ek voorheen gesê het, soos ons die dienste oorgeneem het in die verskillende departemente, mense aangestel het vir die Stadsraad van Lekoa, is die administrasiekostes verminder.

U het seer sekerlik baie balansstate van filiale gesien? -- Dit was in die teoretiese sin wat ek dit in my studies mee te doene gekry het.

En kan u onthou dat in die balansstaat omdat dit alfabeties is, die eerste inskrywing administrasiefooie gewoonlik is? Of dit is "Accountants fees." Dit is of die eerste of die tweede item op elke balansstaat en mense weet waar administrasiefooie betaal is, dit is die administrasiefooie en dit is hoe dit uitgewerk is? Waarom is dit nie op hierdie begroting gedoen nie, sodat dit duidelik vir die mense kon wees? -- Ek wil net daarop wys dat daar 'n hemelsbreë verskil is tussen die finale rekeninge waarvan nou gepraat word en 'n begroting. 'n Begroting is 'n vooruit skatting vir 'n finansiële jaar, terwyl 'n finale rekening of 'n balansstaat opgestel word om die werklike posisie weer te gee na verloop van die finansiële jaar.

Maar ek het gedink dat ons vroeg vanoggend saamgestem het dat die rede waarom die verskillende items op so 'n dokument voorkom, is om die mense te verwittig met die detail sodat hulle weet waar hulle geld gegaan het? -- Volgens die advertensie het dit enige persoon vry gestaan,die begroting het ter insae gelê en die mense kon al die vrae wat hulle wou gevra het gedurende daardie tydperk gevra het en dan sou dit aan die mense gestel gewees het as hy 'n vraag gehad het op die administrasiekoste, wat die geval was.

Is daar enige gesprek in enige van die dokumente wat u voor die Hof gelê het van die bedrag vir administrasie? --



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Nee, behalwe soos hy gereflekteer is in die begroting.

En dit is op verskillende plekke en daar is geen verwysing dat dit aan die Oranje-Vaal Raad betaal sou word nie? -- Dit is net nie prakty, om in 'n begroting in te skryf aan wie is wat betaalbaar nie. Die bedrag word voorsien en soos die koste ontstaan, word dit teen daardie begrote bedrag uitbetaal.

Was daar vir die periode ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Kan ek net hier iets vra oor die uitbetaling. U begroot nou 'n bedrag, 15% van die totale inkomste. Het u die afsonderlike salarisse betaal van die amptenare wat gesekondeer is of het die Raad dit betaal? -- Al die gesekondeerde amptenare se salarisse was op daardie stadium nog betaal deur die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad omdat daar 'n omsendbrief van die Departement was wat die Ontwikkelingsrade verplig is om die salarisse van gesekondeerde amptenare te betaal.

Dus, hulle het u salaris betaal en dan het die Stadsraad weer vir hulle die geld gegee? -- Dit is korrek.

<u>MNR. BIZOS</u> : Hoe het die Stadsraad kans gegee om te besluit daardie persoon is te duur, ons wil hom nie hê nie, ons wil hom nie R50 000,00 per jaar betaal nie? -- Dit is nou 'n baie tegniese punt, maar ek kan net sê dat die Departementshoofde was aangestel deur die Raad en die Departementshoofde het dan om die doeltreffende administrasie gelewer te kry, van die amptenary van die Ontwikkelingsraad gebruik gemaak wat dan teen hierdie administrasiekoste betaal is.

Het die Raad enige persoon wat die Oranje-Vaal Raad wou sekondeer, het die Stadsraad ooit 'n persoon verwerp en gesê hy is te duur, ons wil hom nie hê nie? -- Daar is nog nie van die mense verwerp nie. Daar is mense wat nadat hulle aangestel was teruggestuur was Ontwikkelingsraad toe omdat hulle nie doeltreffend was nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Hoeveel drankwinkels en biersale is in die Lekoa Stadsraad se gebied? -- Ek kan dit nie uit die vuis uit antwoord nie. Ek sal moet tel.

Min of meer? -- Ek wil my nie verbind aan 'n syfer wat nie reg is nie.

Wys vir ons asseblief in die begroting, BEWYSSTUK AAT(2) wat verwag was deur die Stadsraad as rente - as huur van die drankwinkels en die biersale wat die Raad aan die Stadsraad sou betaal het gedurende die periode?

HOF : Hou daardie vraag in gedagte, maar antwoord my net eers dit. As daar gepraat word van drankwinkels en biersale, is dit een ding altyd of is daar afsonderlike biersale en afsonderlike drankwinkels? -- Daar was afsonderlike biersale en afsonderlike drankwinkels.

Nou moet u die vraag maar antwoord. Waar staan dit in die begroting wat verwag sou word van daardie twee besighede? -- Ek wil dit net so stel, dat daar is nooit aan die Stadsrade die magtiging gegee, daar is nooit ingeskryf onder die dienste wat hulle mag ocrneem drankwinkels en biersale nie. Dit is die eerste geval en die tweede geval is die meeste van hierdie drankwinkels en biersale opgerig in die kapitale ontwikkelingsfonds van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad. Die kapitaal ontwikkelingsfonds van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad is geskep uit die Arbeidsburogelde wat aan die Administrasieraad betaal is.

Wat beteken dit? -- Dit beteken dat die bate van drankwinkel en biersale behoort aan die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad. Die Stadsraad is nie geregtig op die huurgelde daar nie, maar dat ons al die dienste wat die Stadsraad lewer daar by die verskillende dienste soos hulle getoon word in die begroting die inkomste daar bygewerk het.

... / Is

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Is u antwoord dat daar is geen voorsiening gemaak vir enige huurgeld wat deur die Raad betaal moet word aan die Stadsraad nie? -- Daar is geen voorsiening gemaak vir huurgeld nie.

Die Stadsraad het wel geweet dat die drankwinkels en biersale baie groot besighede is wat 'n wins vir die Raad voorheen gemaak het, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Waarom is hier voorsiening gemaak vir huurgeld? Hier is 'n Raad wat die grond nou besit en daar is ten minste twaalf of veertien besighede wat handel dryf in drank in sy gebied en die persoon wat die geld van die drankwinkels en die biersale kry, betaal geen huurgeld aan die Stadsraad nie? Hoe regverdig is dit? -- Ek kan net antwoord daarop deur te sê die grond was op daardie stadium in elk geval nog nie oorgedra aan die Stadsraad nie, omdat dit 'n baie, baie lang proses is, om al die grond oorgedra te kry, die planne gereed te kry vir die oordrag van daardie grond, daar is baie, baie voorskrifte in verband daarmee ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Ons verstaan dit. -- Jy kan nie 'n huurgeld hef op 'n ander man se eiendom nie.

Was dit u mening dat dit onnodig was of nie regverdig vir die Stadsraad om iets te betaal nie? -- Dit gaan nie om die regverdigheid daarvan nie. Ek wil net nie 'n inkomste in 'n begroting reflekteer wat op die ou end nie realiseer en dan is die Stadsraad die man wat aan die kortste end trek nie.

Het u na die Raad gegaan en gesê "Kyk, my Stadsraad sê dat julle hier handel dryf in drank, julle maak profyt, julle moet nou huur betaal" nie? -- Nee.

Waarom nie? Was dit makliker om die huurgeld te verhoog? -- Ek dink nie die twee sake hou verband, die verhoging van

... / huurgeld

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

huurgeld en huurgeld wat geïn word wat tien teen een nie bestaan het nie. Soos ek alreeds gesê het was daar 'n baie, baie kort tydsverloop waarin hierdie begroting opgestel moes gewees het en as die mense miskien 'n langer kans gegun gewees het, kon dit miskien baie anders gelyk het.

Dra u kennis van die rapport of die verslag van die Ouditeur-generaal van die Oranje-Vaal Raad vir die vorige periode? -- Wat bedoel u met vorige periode?

1983/84? -- Ek was nie betrokke by daardie oudit nie.

Het u dit nie gesien nie? -- Dokumentasie van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad gaan aan die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad en nie aan die Stadsraad van Lekoa nie.

Maar toe u die begroting opgestel het AAT(2), het u nie verwys na die vorige jaar se rekeninge van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad nie? -- Nee.

Hoe het u dus begin om 'n begroting op te stel as u nie aan daardie aandag gegee het en dit bestudeer het nie? Dit was die enigste dokument wat vir u enige aanleiding kon gee hoe om vir die volgende jaar voort te gaan, nie waar nie? -- Ek wil net seker maak. Praat u van die dokument van die Ontwikkelingsraad vir die 83/84 finansiële jaar?

Ja? -- Hy was nie beskikbaar nie, omdat daardie dokument eers op 30 Junie 1984 - sluit daardie finansiële jaar en daardie inligting raak eers beskikbaar Oktober of November en selfs later wanneer daardie finale rekeninge voltooi is.

Wat van die vorige jaar? As dit nie beskikbaar was nie, waarom het u nie na die vorige jaar, dit wil sê 82 tot ...
(Hof kom tussenbei)

HOF : Mnr. Bizos, waar gaan dit nou heen? Hierdie man het sy werk gedoen. Sê vir hom in daardie staat staan dit en jou staat moes so gelyk het. Moenie vir hom vra waarom het

... / jy

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

jy nie na dit of dat gekyk nie? Miskien is hy 'n persoon wat nie na iets hoef te kyk as hy iets doen nie, soos party mense opinies skryf sonder om na 'n boek te kyk.

MNR. BIZOS : Ja, wat gewoonlik verkeerd is. Ek wil aan u die verslag van die Ouditeur-generaal vir die periode 83/84 toon wat ook die vorige jaar aanwys vir vergelykingsdoeleindes. Kyk daarna, asseblief.

HOF : Wanneer het hierdie beskikbaar geraak?

MNR. BIZOS : Ek weet nie. Dit moes na Junie 1984 gewees het, soos die getuie gesê het, omdat dit die periode is.

HOF : Wil u dit 'n bewysstuk maak?

MNR. BIZOS : Asseblief.

HOF : Dit sal wees AAT(7).

MNR. BIZOS : Sal u asseblief na die eerste bladsy van AAT(7) kyk en u sal daar sien dat die Ouditeur-generaal verwys dat die reserwe- en hernuwingsfondse van altesaam oor R15 miljoen is. Sien u dit? -- Ek sien dit.

Wie het besluit watter deel daarvan na Lekoa sou gaan? -- Die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad het dokumente opgestel in hierdie verband en dit is aan die ouditeure voorgelê vir die oordrag van hierdie verskillende fondse.

Was u Stadsraad enige geleentheid gegee om beswaar te maak in verband met die grootte van die deel wat u Stadsraad sou kry? -- Dit is professionele mense wat hierdie goed geoudit het voordat dit aan die Stadsraad voorgelê is en die Stadsraad het nog nooit enige rede gehad om 'n privaat ouditeursfirma te wantrou in sulke gevalle nie.

Wie het daardie ouditeur aangestel? -- Die eksterne ouditeure is aangestel deur die Departement van Samewerking en Ontwikkeling.

Het u aan die Stadsraad voorgestel dat hulle miskien

... / hulle

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

hulle eie ouditeur moet raadpleeg? -- Die Staat beskik nie oor genoeg ouditeure nie en dit is waarom hierdie ouditering van Munisipaliteite se boeke wat voorheen deur provinsiale administrasies gedoen was, uitgegee is aan die privaat sektor.

Is die antwoord nee? -- In verband met wat?

Dat u het nie aan u Stadsraad gesê hulle moet miskien hulle eie ouditeur raadpleeg om vas te stel of hulle deel van die reserwe geregverdig is of nie? -- Daar was nog nie 'n interne ouditeur nie by die Stadsraad van Lekoa aangestel op daardie stadium nie en 'n interne ouditeur kan nie dieselfde kwaliteit werk lewer as 'n geoktrooieerde rekenmeester nie.

Ek sal nie my vraag weer stel nie. Sal u asseblief na bladsy 6 van AAT(7) kyk. Kyk asseblief na die inskrywing in die middel kolom "Handelprojekte/Trading projects sorghum bier R10 9 ..." wel, u sien die syfer daar? -- Dit is korrek.

En drank oor die R35 miljoen? -- Dit is korrek.

So, die handelsprojekte van die hele Oranje-Vaal Raad het R47 miljoen min of meer ingebring ... (Hof kom tussenbei)

HOF : R46 miljoen.

MNR. BIZOS : R46 miljoen ingebring ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, ekskuus, dit is R47 miljoen. Ek kyk na die uitgawes. Die uitgawes gee dan maar net 'n oorskot van die R1,4 miljoen. So, u moet nou nie net by die inkomste kyk nie, dan vat dit 'n halfuur voor ons by die uitgawes en die balans kom.

MNR. BIZOS : Ons het iets daaroor te sê. Die inkomste was ongeveer R47 miljoen?-- Dit is korrek.

Kan u vir ons sê min of meer hoeveel van daardie R47 miljoen binne u stadsgebied gekom het? Dit wil sê net Lekoa? -- Ek kan dit nie sê nie.

Het u probeer vasstel tevore min of meer wat die Lekoa

.../ se

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

se deel was? -- Soos ek voorheen gesê het, hierdie state was nie beskikbaar toe ons daardie begroting opgestel het nie. Hierdie begroting het na die tyd ter sprake gekom en daar was geweldig kritiek uitgespreek deur die Raad omdat daar verliese en klein profyte gemaak was op drankwinkels en biersale.

Ja, dit lyk asof daardie houding heeltemal geregverdig was, maar in elk geval ons los dit uit. 'n Profyt in drank van minder as 3% is iets wat vir 'n antwoord uitskreeu, nie waar nie? -- Dit is heeltemal so, maar ons moet net onthou dat daar geweldige kontroles ingestel word wanneer 'n mens met publieke geld werk, wat nie altyd so is deur die privaat mense nie, wat die kostes geweldig opjaag.

Maar u sien die syfers vir 83 is ook daar gegee en hulle was sekerlik beskikbaar omdat dit 'n soortgelyke syfer was, miskien 'n bietjie kleiner. Daardie syfer was beskikbaar. -- Dit is heeltemal korrek, daardie syfer was beskikbaar.

Het u in u hoedanigheid as 'n senior werknemer van die Stadsraad dit as geregverdig beskou dat miljoene rand vir drank ingesamel moet word in u gebied sonder dat die Raad enige huur daarvoor betaal? -- Ek het daardie vraag al geantwoord.

HOF : Die Ontwikkelingsraad?

MNR. BIZOS : Die Ontwikkelingsraad.

HOF : Nie die Stadsraad nie?

MNR. BIZOS : Aan die Stadsraad betaal. -- Ek dink ek het al die vraag geantwoord dat daar nie huur gehef is op daardie geboue nie en ek het die redes ook daarvoor aangegee.

Sal u asseblief na bladsy 18 van BEWYSSTUK AAT(2) kyk. -- Ek het hom.

U sal daar sien, ek sal nie die Afrikaans aan die

... / linkerkant

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

linkerkant nie, ek sal die Engels lees op die regterkant "Ground utilised by the State." Sien u dit? -- Ja.

En daar is 'n bedrag van R158 000,00? -- Dit is korrek.

Wie het daardie bedrag vasgestel? -- Daar is 'n vaste formule waarvolgens die Staat grond wat aan hulle toegeken is in plaaslike owerhede - 'n erfbelasting op daardie geboue betaal.

Ja, maar is dit eensydig of het iemand ooreengekom dat dit 'n korrekte ... (Hof kom tussenbei)

COURT : Before we go much further. There is a great complaint in Pretoria exactly about this formula.

MR BIZOS : I am glad to hear that. I hope that the people of Pretoria get justice.

COURT : They have been trying to for many, many decades and they cannot get the State to change the formula. So, I do not think we will change it in this court.

MR BIZOS : I am not worried about the formula, but the application of the formula.

COURT : It would not help you.

MR BIZOS : I know that Your Lordship has much experience of these matters and I will take it no further.

Kan u onthou of daar enige bespreking op die Raad was om te probeer om die verhoging van die huurgeld te vermy - heeltemal te vermy? Was daar enige sodanige voorstel gemaak? deur enige persoon?-- Dit altyd die doel van die Stadsraad en van die tesourie-afdeling dat daar nie tariefverhogings moet wees nie. Ons probeer hulle sover as moontlik vermy.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Mag ek net 'n vraag vra. Mnr. Bizos vra van huurverhogings. U kom terug na die tariefverhogings. U het vantevore verduidelik, meen ek amper, dat dit eintlik nie die huur van die persele is, die huishuur wat verhoog is

... / nie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

nie. Dit is die verhoogde geld aan die dienste wat die verhoging veroorsaak het? -- Dit is korrek.

Is dit waarom u terugkom na tariewe? -- Ja, ek noem dit maar tariewe.

HOF : Maar u moet in gedagte hou as mnr. Bizos praat van huurverhogings hy die tariewe insluit, want ons het in hierdie saak nog deurgaans gepraat van verhoogde huur en dan was dit alles bymekaar. -- So, moet ons dan elke keer vra dat dit gespesifiseer word?

Nie noodwendig nie. Hou net in gedagte dat mnr.Bizos, behalwe as hy spesifiek is, praat van die totale bedrag wat 'n persoon wat in 'n huis van die Stadsraad woon moet betaal. -- Goed.

MNR. BIZOS : Is daar enige voorstel deur enige raadslid dat daar geen verhoging van huurgeld moes wees nie? -- Ja, daar was verskeie raadslede wat voorgestel het dat daar geen verhoging in huurgeld moet wees nie. Een wat in my gedagte kom is raadslid Sam Khodisa.

En wat is die rede wat hy gegee het dat daar geen verhoging van die huurgeld moet wees nie? -- Hy het geen redes gegee nie. Hy het net gesê daar moenie - die huurgelde van die mense moet nie verhoog word nie.

Sonder om enige rede te gee? -- Die swak ekonomiese posisie was toe al baiekeer bespreek op daardie vergadering. Dit is 'n vergadering wat bykans 13 uur aanmekaar geloop het.

Ek wil aan u sekere inligting wys wat van die Universiteit van Port Elizabeth afkomstig is wat die huurgelde vergelyk wat op verskeie plekke betaal is. Ek wil vir u sekere vrae daaroor vra.

HOF : Dit sal BEWYSSTUK AAT(8) wees.

MNR. BIZOS : U sien dat die Vaal die heel eerste is en daar

..../is

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

is twee syfers vir die Vaal gegee.

HOF : Mnr. Bizos, kan u net vir ons sê, hierdie is 'n gedeelte van 'n studie, neem ek aan, waar kom dit uit?

MNR. BIZOS : Dit kom uit 'n verslag van die Universiteit van Port Elizabeth.

HOF : Wat is sy nommer?

MNR. BIZOS : Die nommer van die verslag?

HOF : Ja.

MNR. BIZOS : Nee, dit het ek nie.

HOF : Het u die hele verslag?

MNR. BIZOS : Nie die hele verslag nie.

HOF : U weet, want die verslag kan heeltemal 'n ander indruk skep as die tabel?

MNR. BIZOS : As dit nodig is sal ons die hele verslag voorlê en miskien die persoon wat die verslag opgestel het roep, maar vir hierdie doeleindes ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is die verslag opgestel vir die doeleindes van hierdie hofsaak of is dit 'n algemene verslag?

MNR. BIZOS : Dit is 'n algemene verslag.

HOF : Maar kan u die verslag beskikbaar stel aan die Staat, want 'n mens kan nie 'n tabel op sigself uit 'n verslag haal en dan daarop kruisverhoor nie.

MNR. JACOBS : Dit mag ook net wees as 'n mens die hele konteks - 'n mens kan ook nie eers beswaar maak teen 'n vraag en sê dit is in 'n ander konteks nie. Dit maak die hele situasie vir ons moeilik.

MNR. BIZOS : Die getuie kan dit sê as hy wil. Volgens die studie voor die verhoging van huurgeld in 1984, is die huurgeld in die Vaal Driehoek teen 227% verhoog van 77 af. Is u in staat om enige kommentaar daarop te lewer? -- Ek kan geen kommentaar op hierdie dokument lewer nie. In die

... / eerste

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

eerste geval spel dit nie die verskillende dienste wat in al die gebiede wat met mekaar vergelyk is in konteks teenoor mekaar uit nie. Ek kan ook nie verantwoordelikheid aanvaar vir die Lekoa Stadsraad wat op 1 Januarie 1984 begin het vir 'n dokument wat nou huurgeld weerspieël tot die datum wat daardie Stadsraad in werking gestel is nie.

Wat ek vir u wil vra is dit, voor u voorgestel het dat die huurgeld verhoog moet word, het u of enige persoon namens die Stadsraad enige aanvraag of navraag gedoen in verband met die vergelyking van die huurgeld wat betaal is of betaal sou word in die toekoms? In vergelyking met ander Stadsrade? -- Ons het nie so 'n vergelyking gedoen nie.

U sien, ek dink almal sal saamstem dat die tariewe wat u voorstel baie mense graag sou wou hê, maar het niemand die posisie vergelyk met ander plekke waar dit miskien nie reg sou gewees het in 1984 om al daardie geriewe aan die mense amper onmiddellik te gee of te probeer gee nie? -- Ek wil net so sê dat ons sit in die Swartwoongebied met 'n groeiende gemeenskap. Ons sit daar met min fasiliteite. Ons sit daar met stygende koste elke jaar en die Stadsraad het besluit om voort te gaan terwyl hulle sy dienste nog teen 'n laer tarief te bekom. As ons in aanmerking neem dat die inflasiekoers op daardie stadium seker by die 12% was en nou huidiglik op 21% staan, kan u self dink dat hoe gouer hierdie goed gedoen word, hoe beter is dit en hoe gouer het die inwoners van daardie gebied die gerief van die dienste wat aan hulle verskaf word.

Kan u onthou dat 'n vergadering gehou is op 8 September 1984 te Lekoa om te probeer vasstel wat die oorsaak van die onluste daar was?

<u>HOF</u> : Die Stadsraadvergadering?



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

MNR. BIZOS : Ek dink dit is lede van die Stadsraad en ander mense, maar die Stadsraad was betrokke. -- Daar was so 'n vergadering gehou, maar die party wat na die vergadering toe gekom het, het gekom met eise en nie gekom om te onderhandel nie.

Was die dokument AAT(8) nie by daardie vergadering voorgelê nie of 'n soortgelyke dokument van die Universiteit van Port Elizabeth? -- Ek praat onder korreksie. Ek was teenwoordig op daardie vergadering. Ek kan nie onthou of hierdie dokument daar voorgelê is nie. Die Stadsklerk van die Lekoa Stadsraad het egter volledige besonderhede oor daardie vergadering en die dokumentasie wat daar beskikbaar was en hy kan versoek word om dit voor te lê.

Het u die verslae van prof. Van der Walt en die ander verslag gekry? -- Ek het gister gesê dat die Van der Walt verslag beskikbaar is. Ek het gisteraand vasgestel die Van der Walt verslag is nie beskikbaar nie. Ek het kopieë gemaak van die Hitchey/Matthee Komitee. Ek wil dit net aan u opdra dat hierdie dokument wat ek nou voor my het van Hitchey en Matthee is gemerk vertroulik. Hierdie is 'n sub-komitee wat aangestel was deur die Van der Walt Kommissie en ek wil dit aan U Edele oorlaat om te besluit of ek hierdie dokument mag voorlê of nie.

HOF : Wat is nou die posisie. As dit ingehandig word, is dit 'n stuk wat vir almal beskikbaar is.

MR BIZOS : We have a problem in relation to that. We have not been able to get the Van der Walt Commission report.

COURT : They have not got it themselves. It is a departmental report, it seems.

MR BIZOS : We do not want to press it at this stage, because we do not want to certainly without approaching the

.../ responsible

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

responsible minister in the first place, because we were told that it was not available to us. I thought that it may have been available to the Municipalities. We may test the posi - tion with a subpoena. I do not know that it will become necessary, but could we leave that over and I do not think that we should worry about it.

Ons sal later daaroor besluit. Hou dit maar. -- Baie dankie.

Ek wil u na 'n ander dokument verwys en dit is AAQ(1).

HOF : Het u die korrekte nommer?

MNR. BIZOS : (11), ek is jammer. Het u hierdie dokument voorheen gesien? -- Ja, ek het die dokument gesien.

En dra u persoonlike kennis van die inhoud daarvan? -- Ek dra nie persoonlike kennis van die inhoud hiervan nie.

Stem u saam dat die drankwinkels en biersale wat in u Stadsraad se gebied is, is twaalf? -- Is dit volgens hierdie dokument?

Ja. Die waarde van die drankwinkels en biersale is ongeveer R22 miljoen.

HOF : Sal u net vir my sê watter kolom het u opgetel? Is dit die kolom wat sê 100% aandeel?

MNR. BIZOS : 100% aandeel.

HOF : Wat is die getal wat u kry?

MNR. BIZOS : Plus-minus R22 miljoen.

HOF : Kom ons aanvaar maar die syfer voorlopig. As dit verkeerd is, verval die kruisondervraging. -- Die eerste veertien wat hierop verskyn, was die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad s'n en nie die eerste twaalf nie.

MNR. BIZOS : Is dit veertien? -- Dit is korrek.

HOF : Nou het ek nie duidelikheid nie. Die vraag was nie wat was die eiendom van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad nie,

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

die vraag is, wat het in die Lekoa gebied geval en ek het verstaan dat dit die eerste klomp is tot by - tot en met Sharpeville. -- Maar Fube en Vuka moet bykom. Hulle is ook binne-in die Lekoa gebied.

Is dit ook in die Lekoa gebied? -- Ja.

MNR. BIZOS : So, daar is veertien van hulle? -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Hierdie R22 miljoen is baie ver te veel vir die veertien.

MNR. BIZOS : Nee, ek praat nie van die veertien nie. Is al die drankwinkels en die biersale deur die Raad verkoop? -- Ek wil dit net stel dat die Stadsraad van Lekoa het absoluut niks te doen gehad met die vra van die tenders vir hierdie drankwinkels en biersale nie. Die geboue en drankwinkels en biersale was nooit deur Lekoa uitgesit op 'n tender nie. Dit was alles die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad.

Ons kan dit verstaan. Is dit toevallig dat in die veertien wat binne Lekoa is, meer as tien deur lede van die Raad gekoop is? -- As ek op hierdie vraag moet antwoord dan sal ek so sê, daar is geslote tenders ingewin. Daar is spesiale tenderprosedures voorgeskryf in die finansiële regulasies van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad en hulle kon hulle tenders toegeken het slegs aan die hoogste tenderaars.

Die vraag is of dit toevallig was?

MNR. JACOBS : Met alle respek reken ek dat die getuie het 'n duidelike antwoord gegee dat die hoogste tenderaars het dit seker gekry.

HOF : Wat bedoel u met die teenkant van toevallig? Opsetlik? Wat wil u van die getuie hê?

MNR. BIZOS : Laat ek die vraag anders stel. Wanneer het dit tot u kennis gekom dat meer as tien van die drankwinkels

..../en

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

en biersale in u Stadsraad se gebied sou deur u Stadsraadlede - hulle sal die eienaars wees. Wanneer het dit tot u kennis gekom? -- Dit het tot my kennis gekom toe hierdie verslag deur die Ontwikkelingsraad aan die Stadsraad van Lekoa voorgelê is nadat die tenders deur die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad se Raad aanvaar is.

Wanneer was dit? -- Ek het nou net 'n halwe verslag hier voor my wat ingedien is en ek kan nie die datum uit my kop uit onthou wanneer dit was nie.

Is daar 'n volledige verslag in verband met die drankwinkels? -- Ja, daar was 'n volledige verslag voorgelê aan die Stadsraad.

Het u 'n afskrif daarvan? -- Nee. Dit behoort nie moeilik te wees om 'n afskrif te kry nie. Ek het nie nou een nie.

HOF : Mnr. Bizos, indien dit moontlik is moet ons hierdie getuie klaar maak vandag. As dit so is dat die Stadsklerk nog kom getuig, moet hy maar die verslag kom voorlê en verduidelik. Hy het tog meer sê oor hierdie dinge as die tesourier.

MNR. BIZOS : Ek sal dit so aanvaar. Was daar enige gesprek in u teenwoordigheid in die uitvoerende komitee of in die Raad dat as die raadslede die drankwinkels koop, dit 'n slegte indruk op die mense van Lekoa sou maak? -- Ek kan net sê dat toe hierdie verslag ter sprake gekom het in die uitvoerende komitee het die Stadsklerk versoek dat alle lede van die komitee wat betrokke is by hierdie spesifieke verslag die saal moes verlaat. Die gevolg van die optrede was dat hulle toe nie meer 'n kworum was nie en dat hulle die saak nie kon bespreek nie

Dit het die indruk slegter gemaak. -- Ek weet nie watter indruk praat u van nie.

.../ HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

HOF : Daar was geen vergadering om beïndruk te word nie.

MNR. BIZOS : U sien, Sy Edele is gesê dat by die vergaderings wat gehou is gedurende Junie en Augustus die raadslede beskuldig was dat hulle nie geïnteresseerd is in die welsyn van die mense nie, maar in hulle self. Het u of die Stadsklerk in u teenwoordigheid aan die raadslede wat op die dokument betrokke is gesê "Here, die mense sal baie kwaad wees as julle so optree"? -- Ek kan net sê die Stadsraad het nie opgetree as 'n Stadsraad toe die mense getender het vir hierdie drankwinkels nie. Hulle het opgetree as privaat indiwidue of maatskappye, wat die tenders ingedien het. Ek dink nie ek as 'n amptenaar van die Stadsraad het die reg om 'n privaat man wat homself tot die beskikking vansy mense stel om op 'n raad te dien, te kritiseer oor so 'n optrede nie.

Het enige lid van die Raad voorgestel dat die Raad self moet probeer om die drankwinkels en biersale te kry sodat die inkomste daarvan vir die welsynswerk van die Stadsraad gebruik moet word? -- Dit was nooit op 'n amptelike vergadering genoem nie, maar dit was baie bespreek dat sulke aansoeke direk aan die Departement gerig moet word, dat die drankwinkels en biersale nie geprivatiseer moet word nie, maar dat dit moet oorkom na die Stadsraad.

Dra u kennis van die feit dat by ander Stadsrade, soos byvoorbeeld die Oos-Rand die fasiliteite deur die Stadsraad oorgeneem is? -- Ek dra nie kennis daarvan dat hulle oorgeneem is nie. Ek wil net sê dat daar onder die gemeenskapsraad se tyd al 'n beginsel besluit geneem was om hierdie drankwinkels en biersale te privatiseer.

Is mnr. Matjila nog 'n lid van die Raad? -- Hy is.

Alhoewel hy skuldig bevind was deur 'n hof? -- Hy is skuldig bevind deur 'n hof, maar hy het geappelleer en hy sal

.../eers

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

eers ophou om 'n raadslid te wees as sy appèl ook nie slaag nie.

Ek wil aan u BEWYSSTUK AAQ(19) wys. Wie het die memoran-
K172 dum opgestel? -- Ek dink ek het die memorandum opgestel.

Kyk net asseblief, die rede wat gegee is vir die verhoging is gesê onder andere"The purchasing of vehicles for the more regular cleansing of the townships."

HOF : Die paragraaf het begin met "Included in the above"?

MNR. BIZOS : Ja, "Included in the above." Aan die einde van daardie paragraaf is gesê "The improvement of the sport facilities, the purchasing of vehicles for the more regular cleansing of the townships and the erection of an office complex forthe town council of Lekoa, to mention only a few." As u getuienis gister reg was dat die "erection of an office complex for the town council of Lekoa" verwyder van die begroting was, hoe het dit in hierdie memorandum gekom? -- Ek gee toe dit is 'n fout.

Wat was die bedrag in die begroting vir die "office complex"? -- Die kantoorkompleks op sigself sou geen effek gehad het op die perseelhuurgeld nie en hy het R1,4 miljoen beloop.

Was die kompleks alreeds beplan? -- Hy was in 'n baie ver stadium van beplanning, ja.

So, ofdit nou 'n fout was of nie, mense wat die memorandum na 5 Augustus gekry het, sou onder die indruk gebring gewees het dat een van die redes vir die verhoging van die huurgeld was om 'n kantoorkompleks vir die Stadsraad op te rig? -- Dit is heeltemal korrek. As ek 'n kansie gegun mag word, dan wil ek net doodseker maak in my begrotings of die kantoorkompleks nie net die bron van finansiering verander is en dat ons nog steeds beplan het om hom op 'n leningsbasis te doen nie.


Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

U kan na die dokument kyk as u wil.

HOF : Dan moet u nou kyk dat ons seker is. Op bladsy 1 van Capital Budget Fixed Assets vind u R1,4 miljoen Estimated Costs. -- Ja, dit is wat gebeur het. Waar hy nie 'n effek sou gehad het op die perseelhuur van die mense nie, deur hom te gedoen het uit die oorblywende dienste nie, is hy net omgeskakel na buite lenings en sou ons buite lenings gaan aanvaar het om voort te gaan met die oprigting van die kompleks.

Maar wat is die posisie dan? Is hy nie geskrap nie? -- Hy is nie geskrap nie.

Maar as dit nie 'n invloed het op die perseelhuur nie, waarom staan dit in die memorandum? -- Tien teen een is hy net daar aangebring, want as die gebou opgerig word, dat die mense kan sien daar het 'n gebou verrys en uit eksterne lenings sal ... (getuie voltooi nie die sin nie)

MNR. BIZOS : Wanneer is dit besluit deur u Raad om R50,00 deposito te vra? -- Dit is 'n baie, baie ou ding.

Wanneer is dit besluit om dit te vra? -- As ons kyk na die tarieflys wat hierdie begroting vergesel, dan sal ons daar sien dat dit is een van die tariewe wat die Stadsraad aanvaar het.

Wanneer is dit besluit? Kan ek u help. Is daar 'n aparte besluit geneem of is dit net toe die begroting aanvaar is dat die besluit geneem was? -- Alle tariewe en deposito's wat betaalbaar was in die tyd van die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad, het net so deurgeloop by die Stadsraad van Lekoa totdat hierdie begroting vir die Stadsraad opgestel was.

Wanneer was dit besluit dat elke persoon moet nou R50,00 betaal as 'n deposito? Was daar so 'n besluit gedurende 1984 deur die Raad geneem of nie? -- Nee, nie sover my kennis strek voor hierdie begrotingsvergadering nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Ek wil aan u stel wat sekere van die raadslede vir Sy Edele gesê het, dat die raadslede self het nie eers geweet dat so 'n besluit geneem was nie. Aanvaar dat dit gesê was deur ten minste twee raadslede. -- Ek aanvaar die woord van die Hof.

Dankie. Wat is u kommentaar daarop dat nie eers die raadslede geweet het dat daar besluit is in die begroting dat hulle mense moet nou R50,00 deposito betaal nie? -- Dit is vir my baie moeilik om te verduidelik dat 'n raadslid nie weet as al die dokumentasie aan hom voorgelê was nie.

Wel, daar is miskien 'n verduideliking voor, dat die aandag van die raadslede nie op belangrike dele van die begroting gevestig is nie? Hulle het nie geweet waaroor hulle gestem het nie en hulle het nie geweet dat hulle mense moet nou R50,00 betaal nie? -- As 'n dokument gesirkuleer word aan 'n raadslid, dan moet daar aangeneem word dat die raadslid die dokument bestudeer om sy insette op die vergadering te kan lewer en dit is 'n onmoontlike taak vir my as tesourier om elkeen van hierdie punte op hierdie begroting, want as 'n R50,00 deposito belangrik is, dan is 'n departementele tarief van 38c net so belangrik, 'n saak wat aangeroer moet word en dan moet elkeen van hierdie punte in hierdie begroting, inkomste en uitgawe, spesifiek met al die raadslede bespreek word.

HOF: Was die deposito van R50,00 vir bestaande persele wat alreeds gehuur is of vir nuwe aansluitings van elektrisiteit? Waarvoor was die R50,00? -- Die R50,00 deposito was vir elektrisiteit gewees.

Wat se elektrisiteit? -- Dit is vir die elektrisiteitsverbruik van die inwoner.

Ja, maar was dit nou vir nuwe gebruikers of vir almal

... / al

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

al gebruik hulle al lankal elektrisiteit? -- Die elektrisiteitsordonnansie vereis eintlik dat 'n deposito betaalbaar is twee maal die maandelikse verbruik van 'n persoon. In die Blankestadsrade word dit outomaties aangepas.

MNR. BIZOS : U sien, daardie besluit, as dit deur die raadslede verstaan was, moes 'n aanduiding aan hulle gegee het dat daar 'n reserwe van R1,5 miljoen sou inkom. Is dit so? -- Ek wil net daarop reageer deur te sê dat dit sou nie 'n R1,5 miljoen inkomste gewees het vir die Stadsraad nie, omdat hierdie deposito terugbetaalbaar is die oomblik wat daardie man die huis verlaat.

En ons sal 'n ander R50,00 kry van die man of vrou wat die huis oorneem? -- Ek stem daarmee saam, behalwe dat dit nog steeds gereflekteer moet word as R1,5 miljoen wat aan die inwoners verskuldig is.

By die vergaderings wat gedurende Junie en Augustus 1984 gehou is, is die raadslede beskuldig dat hulle nie hulle eie besluite neem nie, maar hulle stem saam met wat die amptenare van die Raad voor hulle lê. Het u ooit van daardie beskuldiging gehoor?-- Ek het van hierdie beskuldiging gehoor en dit is baie ver verwyder van die waarheid.

Maar as dit wel waar is dat raadslede nie eers van die deposito geweet het nie, dan is dit miskien nader, nie waar nie? -- Soos ek voorheen gesê het kan ek nie verantwoordelikheid aanvaar as 'n raadslid nie geweet het daarvan nie. Al die dokumentasie was tot sy beskikking.

Het u nie toe u van daardie beskuldigings gehoor het stappe geneem om miskien 'n langer verslag voor hulle te plaas as AAT(3) nie, om die begroting te verduidelik? -- As die raadslede, soos beweer is, nie eers hulle agendas gelees het nie en ek al die detail van hierdie begroting moes uitspel

..../ in

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

in my begrotingsverslag, sou dit 'n baie, baie lywige verslag gewees het wat dan miskien ook nie aandag gekry het nie.

Daar sou dan miskien meer waarheid in die beskuldiging gewees het?

HOF : Waar bring dit ons, mnr. Bizos?

MNR. BIZOS : Nie ver nie. Ek wil net op een ander aspek nog vrae aan u stel. U sê dat u is verwittig dat vergaderings gehou is op 5 Augustus? -- Dit is in 'n raadsvergadering gemeld.

En is u verseker deur die raadslede dat vergaderings in elke wyk gehou was op die huurgeldverduideliking? -- Volgens alle aanduidings was dit orals gehou, behalwe as my geheue my nie in die steek laat nie, in Bophelong waar een van die raadslede nie sy vergadering gehou het nie.

Is u en die ander amptenare verwittig dat al die inwoners van Lekoa gelukkig was met die verhoging van die huurgeld? -- Ja.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K173 MNR. JACOBS : U Edele, die getuie se naam is Nicolaas Prinsloo Louw.

NICOLAAS PRINSLOO LOUW, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Louw, u is die stadsklerk te Lekoa Stadsraad? -- Dit is korrek.

Wanneer is u daar aangestel as sulks? -- Op 25 Maart 1984.

Is dit deel van u pligte as stadsklerk om die raadsvergaderings by te woon? -- Dit is korrek.

Ek wil begin by BEWYSSTUK AAQ(19). Dit is 'n brief wat reeds ingehandig was. Wat se brief is dit? -- Dit is 'n

... / brief

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

brief nadat die Stadsraad van Lekoa 'n begrotingsvergadering gehad het op 29 Junie en na die besluite gesanksioneer is in 'n raadsvergadering in Juliemaand, waarin besluit is dat die Stadsklerk 'n inligtingsbrief aan alle inwoners bekend moet stel.

Het u toe daardie brief opgetrek? -- Ek het die brief opgetrek in oorleg met die stadstesourier en in oorleg met die direkteur van finansies van die Ontwikkelingsraad.

Ek sien hy is gedateer 2 Augustus 1984? -- Dit is korrek.

Wanneer is hy uitgestuur? -- Op 6 Augustus.

En hierdie brief is uitgestuur aan wie? -- Aan alle huisbewoners in die Lekoa Stadsraad se regsgebied en dit is omtrent 30,500 huise.

Het u terselfdertyd ook nog 'n verdere brief opgetrek? -- Ek het 'n soortgelyke brief opgetrek en dit beskikbaar gestel aan alle werkgewers in die Vaal Driehoekgebied wat meer as 50 werknemers in diens het.

Met watter doel? -- Die doel daarvan was dit kom in die brief voor waarin ons die werkgewers gevra het om dit met hulle werkerade te bespreek en die mense op die fabrieksvloer bekend te stel sodat die Stadsraad van Lekoa sekerheid het dat die inwoners kennis dra van die feit dat daar 'n voorgestelde verhoging in dienstegeld is.

Ek wil aan u 'n brief toon, <u>BEWYSSTUK AAT(9)</u>. Die opskrif is "Increased service charges and rentals dwellings in Black townships in the Vaal Triangle area" en dit is gerig aan "Dear Sir/Madam." Kyk net hierna? Is dit die brief waarna u verwys wat u sê u gerig het aan die werkgewers? -- Dit is korrek.

Ek sien hier is ook 'n memorandum en 'n bylae by. Is dit dieselfde memorandum en bylae as geheg aan ... -- Dit



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

is korrek. Die bylaes is presies dieselfde.

As in AAQ(19)? -- Dit is korrek.

In hierdie twee briewe sien ek daar word gesê "It is anticipated that the abovementioned increases will be implemented." Wat bedoel u daarmee in die brief? -- Wat ek daarby bedoel het was dat ons op daardie stadium nog nie die verhoging in dienstegeld kon implementeer nie omdat die wet op Swart plaaslike besture, Wet 102 van 1982, sê baie duidelik voordat 'n Stadsraad verhoogde tariewe kan implementeer, moet dit in die Staatskoerant afgekondig wees en daar is 'n sekere proses wat gevolg moet word.

Kan u net beskryf wat se proses? -- Die proses kom kortliks daarop neer dat eerstens die besluite wat die Stadsraad in die verband geneem het moet met 'n opvolgvergadering die notule goedgekeur word. Daarna moet die stadsklerk 'n kennisgewing in 'n Afrikaans- sowel as 'n Engelstalige koerant wat in die omgewing gelees word publiseer waarin die inwoners meegedeel word dat daar 'n voorgestelde verhoging in tariewe sal plaasvind en indien daar enige besware sou wees van die inwoners se kant af, is hulle dan welkom om dit voor of op 'n bepaalde datum aan die stadsklerk te berig en indien ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Word hulle uitgenooi om dit te doen? Om besware by u te liasseer? -- Die advertensie sê baie duidelik dat die inwoners is welkom om na die kantoor van die Stadsklerk te kom, wat dit ter insae het. Indien daar wel besware sou wees, dan sou dit die funksie van die Stadsklerk wees om daardie besware aan 'n vergadering van die Stadsraad voor te lê vir bespreking. Indien daar geen besware sou wees nie, word dit in elk geval aan die Stadsraad voorgelê vir kennisname en daarna word die verhoogde tariewe na die Departement toe

... / gestuur

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

gestuur vir hulle goedkeuring.

Wie se goedkeuring daar? -- Die begroting is onderhewig aan die goedkeuring van die betrokke Staatsdepartement en daarna word dit dan deur die Staatsdepartement aan die Staatsdrukker voorgelê vir afkondiging in die Staatskoerant. Sodra dit afgekondig is, kan die Stadsraad die tariewe implementeer.

Op 29 Junie 1984 is daar so 'n besluit geneem en het u 'n uittreksel gemaak van daardie besluit van die Raad dat die begroting aanvaar word? -- Korrek.

Ek wil aan u toon 'n dokument wat ek sal inhandig as BEWYSSTUK AAT(10). Die opskrif wat by hierdie paragraaf verskyn wat met 'n 2 gemerk is, is"1984/85 budget - Town Council of Lekoa" dan is daar 'n verwysingsnommer en daarna staan 'n datum 29/6/84. Wat is hierdie dan? -- U sal sien dit lees "Resolved". Dit is besluite wat deur die Stadsraad van Lekoa geneem is op 29 Junie.

Wat is die besluite? -- (Getuie lees besluit uit aan Hof - BEWYSSTUK AAT(10).

HOF : Is dit korrek, R5,90 of R5,50? -- Ek stem saam met u. Hier is 'n oorsig. Dit was twee bedrae. Die R5,50 was vir privaat huishoudings en R5,90 was ten opsigte van huurhuise.

MNR. JACOBS : Die besluit op AAT(10) was geneem op 26 - 29 Junie 1984. -- Korrek.

Dan sien ek daar staan dit is goedgekeur blykbaar op 17 Julie 1984?

HOF : Nie goedgekeur nie. Die notule is goedgekeur.

MNR. JACOBS : Die notule is goedgekeur. -- Kan ek net vir u sê 17 Julie was die volgende maandvergadering, waarop hierdie besluite toe as deel van die notule goedgekeur is.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Ek wil dan aan u 'n volgende dokument toon. Die opskrif is "Notification of Anticipated rent and tariff increases in the area of jurisdiction of the town council of Lekoa" blykbaar ook 'n resolusie. Ek handig aan u die dokument. Dit sal gemerk word BEWYSSTUK AAT(11). Kan u net vir ons sê wat se dokument is dit hierdie? -- Ek wil net vinnig daarna loer. -- Hierdie is besluite van die Stadsraad, die datum kom nie daarop voor nie, maar ek kan dit miskien net vir u lees. (Getuie lees BEWYSSTUK AAT(11) uit aan Hof)

HOF : Hierdie is weer verkeerd? -- Dit is twee bedrae.

Maar waarom het julle twee keer dieselfde fout gemaak? -- (Geen antwoord)

Lees niemand hierdie notules en besluite nie? -- Ons lees dit, maar dit is definitief 'n oorsig. U sal sien in 'n latere dokument praat hulle van twee bedrae, R5,50 en R5,90.

As die goed nou nog reg was, mnr. Jacobs, dan was daar dalk sin in om dit in te handig, maar om verkeerde goed te gaan inhandig, wat help dit? U kan mos maar net die getuienis lei op hierdie dag het ons dit besluit, klaar.

MNR. JACOBS : Na dit, het u 'n advertensie geplaas in koerante omtrent hierdie verhoogde huur? -- Dit is reg.

Kan u vir ons sê in watter koerante het u geadverteer? -- Ek het nie die advertensies voor my ter insae nie, maar sover ek dit het, was dit in die Beeld en ek dink dit was in die Daily Mail of The Star of The Sowetan. Een van die Engelstalige koerante.

HOF : Kan u onthou wanneer u die advertensies geplaas het? -- As ek die datum kan onthou was dit 31 Augustus of 31 Julie en 1 Augustus. Ek praat onder korreksie.

MNR. JACOBS : En nadat die tyd verloop het wat gebied was

... / om

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

om besware in te dien, het daar enige besware gekom? -- Daar het geen besware ingekom nie.

Het u sodanig gerapporteer aan ... -- Die uitvoerende komitee.

En na dit nou geblyk het daar is geen besware nie en dit is so gerapporteer aan die Raad, wat het die Raad toe gedoen? -- Daarna, op 3 September het ons die probleem gehad van die onlustoestande wat uitgebreek het. Ek het verskeie vergaderings met afvaardigings gehad van mense in die gebiede, onder andere in Sharpeville op Woensdag, 5 September, Donderdag, die 6de in Gebied 14, Sebokeng en weer eens op Saterdag, 8 September ook in Sebokeng, waar dit baie duidelik na vore gekom het dat die verhoging in die R5,90 en die R5,50 onder andere onderskeidelik, hoofsaaklik die rede was vir die onlustoestande. Die Stadsraad van Lekoa het dit toe goedgevind om tydens 'n spesiale raadsvergadering wat gehou was op 18 September te besluit dat die geantisipeerde verhoging in dienstegelde geskrap moes word onmiddellik. Daardie vergadering het plaasgevind op 18 September. Ek dink die Staat beskik oor daardie notule.

Dit is nooit in werking gestel in elk geval nie? -- Dit is nooit in werking gestel nie.

Tydens die onluste op 5 September het u 'n ontmoeting gehad met enige mense?

HOF : Die onluste was op 3 September. Bedoel u die 3de of bedoel u die 5de?

MNR. JACOBS : Die 5de, die onlusperiode? -- Ja, 5 September het die dorpsbestuurder en kolonel Viljoen van die polisie in Krugersdorp wat aan diens was in Sharpeville my telefonies gekontak en gevra dat ek asseblief na Sharpeville moet kom, want daar is 'n baie groot skare, 'n groot skare sou ek

... / sê

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

sê omtrent om en by vier- en vyfhonderd mense wat gevra het ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Het u 'n ontmoeting gehad met afgevaardigdes? -- Ek het 'n ontmoeting gehad met 'n afvaardiging van omtrent sewe mense van die skare op daardie dag.

Het u 'n aantekening gemaak wie teenwoordig was? -- Ek het 'n volledige notule bygehou.

Het u ook die besware van die mense genotuleer? -- Ek het al die besware genotuleer met hulle kommentare. Dit is twintig losstaande itempies.

Ek wil aan u 'n dokument toon. Kyk net of u dit kan herken? Ek sal dit merk AAT(12). Die opskrif daarvan lees hierso "Meeting between the town clerk and the delegation from plus-minus five hundred residents from Sharpeville on Wednesday, 5 September 1984 to discuss the rent issue." -- Dit is korrek.

Is dit die notas wat u nou in u besit het wat u geneem het daarso op die byeenkoms? -- Dit is korrek.

Kan u net vir ons uitlees wat was die besware wat u genotuleer het? Hoe was dit aan u gestel? As besware of as wat was dit aan u gestel? -- Ek het samesprekings met die sewe mense gehad in die kantoor van die dorpsbestuurder en soos hulle gepraat het, het ek kernnotas gemaak. Party was kommentaar, party was besware, party was beskuldigings, party was adviserende kommentaar.

Sal u dit net uitlees? -- (Getuie lees item 1 uit van BEWYSSTUK AAT(12).

HOF : Ek het tot dusver gehoor dat die bedrag ongeveer R60,00 is. Is die bedrag van R90,00 korrek? -- Die R90,00 sluit in die gemeterde elektrisiteit. Dit is die totale pakket van 'n woning. (Getuie lees item 2 uit) Mag ek vir u 'n kort



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

kommentaar oor 2 gee?

Ja, as daar iets te verduidelik is. -- U sal sien daar staan "without indicating what system would be followed." Ek het vir hulle spesifiek gevra as die raadslede nou almal bedank en julle wil nou julle eie leiers aanstel, watter metode gaan julle volg, want die Wet praat van 'n verkiesing wat gereël moet word. Gaan julle dieselfde wetgewing gebruik, toe sê hulle nee, hulle stel nie belang in Wet 102 van 1982 nie. Hulle sal hulle eie manier vind om hulle leiers te identifiseer by wyse van een of ander verkiesing. (Getuie lees items 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11 en 12)

Kan u net vir my verduidelik wat beteken 11? -- 11 Beteken dat die huisbewoner van 'n raadshuis, die geregistreerde permithouer, hy mag loseerderfamilies akkommodeer wat nie huise het nie. Die loseerderfamilies betaal aan die permithouer 'n bedrag van huurgeld wat huishoudelik oor besluit word tussen die permithouer en die gesien wat hy akkommodeer, maar bo en behalwe dit, volgens voorskrifte van die begroting, betaal 'n loseerderfamilie 'n bepaalde bedrag aan die Stadsraad en dit is 'n loseerderspermitfooi en dit beteken omdat die loseerderfamilies se kinders ook skool toe gaan, hulle ook teerstrate gebruik en ook al die fasiliteite in die woongebied gebruik, vra ons hulle ook 'n loseerderspermitfooi.

Wat is die bedrag van die loseerderspermitfooi? -- Ek sal dit nou vir u kry. Dit is in een van die dokumente. Ek wil net my kommentaar klaar maak. Die afvaardiging het gevoel dat as 'n huisbewoner sy eie familie akkommodeer op 'n loseerdersgrondslag, dan moet daardie familie nie die loseerderspermitfooi aan die Stadsraad betaal nie, slegs as hy iemand akkommodeer op 'n loseerdersbasis wat nie aan hom verwant is nie, moet die Raad daardie geld vorder. Ek lees graag



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

vir u 'n kort sinnetjie voor uit die memorandum uit onder die kennisgewing wat lees "Lodger permit fees." "Cognisance must also be taken of the fact that lodgers permit fees remain unchanged as follows (1) single persons R10,00 per month; (2) Woman as head of family (dit is nou 'n moedergesin wat geskei of 'n weduwee is) R5,00 per maand vir haar en haar afhanklike kinders; (3) Man as head of family (as dit nou 'n gesin is waarvan die broodwinner die vader is, die man is, dan is dit ook R10,00 per maand, dieselfde as vir 'n enkellopende persoon.)

MNR. JACOBS : Kan ons dit net duidelik kry. U het nou uitgelees uit BEWYSSTUK AAQ(19). Is dit korrek? -- Dit is korrek. Dit is die memorandum wat aangeheg was. (Getuie lees item 12 weer eens uit aan Hof)

Kan u net vir ons sê omtrent hierdie allegasie, wat is die posisie?

HOF : Dit is duidelik genoeg.

MNR. JACOBS : Of hulle betaal.

HOF : U bedoel of die bewering waar is?

MNR. JACOBS : Of dit waar is? -- Die bewering is waar. Raadslede is ook net soos die res van die gemeenskap. Van hulle betaal gereeld, van hulle betaal vooruit, maar daar is darem ook 'n paar van hulle wat nie so gereeld betaal nie.

Ja, maar die bewering is hier hulle betaal glad nie huishuur nie? "Do not pay"? -- Die bedoeling daar was nou nie alle raadslede nie, maar daar is darem raadslede wat dit betaal. (Getuie lees item 13 uit aan hof) Kan ek net daarop uitbrei. Die gemeenskapsraad vir die Vaal Driehoek asook die Stadsraad voorsien normaalweg elke jaar met die begroting 'n bepaalde bedrag geld vir verskillende maatskaplike projekte waarvan een altyd is die aankoop van komberse vir die uitgee

... / aan

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

aan pensioenarisse en behoeftiges in die tyd van die winter, maar omdat daar 'n verandering in finansiële jaar plaasgevind het in 1983 het die gemeenskapsraadslede daardie komberse oorgehou en hulle het dit uitgegee ek vermoed dit was omtrent in Oktobermaand en die verkiesing was in November. Hier is 'n korreksie. Die verandering in die finansiële jaar het plaasgevind in 1984 en nie in 1983 nie.

HOF : Dan het die verandering van die ding niks met die saak te doen nie? -- Dit het. Ek wou dit net vir u gesê het. Omdat daar in 1984 'n verandering in finansiële jaar plaasgevind het, hy loop nou van 1 Julie af, is ons begroting eers goedgekeur omtrent in Augustus en dan kom die komberse by wyse van tender hier teen die einde van September, begin Oktober, dan word dit uitgedeel. In 1983 was dit nie die geval gewees nie, omdat die gemeenskapsraad se begroting reeds van 1 April af, het ons aansoek gedoen vir die goedkeuring wat gekom het in omtrent April/Mei, die tender het gesluit in Junie en die komberse was wel beskikbaar hier in Juliemaand in die wintertyd vir die oues van dae, maar baie van die raadslede het hulle komberse teruggehou met die idee en dit is heeltemal korrek en dit is uitgedeel in Oktober/November van die verkiesingsjaar. (Getuie lees item 14 uit aan Hof) Miskien kan ek net aan u verduidelik. 'n Permithouer wat in Sharpeville bly in die Vereeniging distrik en 'n permithouer wat sê in Bophelong bly in Vanderbijlpark distrik ken mekaar, die persoon in Bophelong kry werk in Vereeniging, die persoon in Sharpeville kry werk in Vanderbijlpark. Nou sal dit makliker wees as hulle huise omruil, want hulle is albei nader aan hulle werk. Dit is presies dieselfde vier-vertrek huis. Normaalweg word dit gedoen met onderhandeling met die betrokke dorpsbestuurders dat die twee

... / permithouers

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

permithouers huise wil omruil, maar die raadslede het gesê hulle is die verkose raadslede in die toekenning van huise se funksie van die Stadsraad volgens die wet en die raadslede om dinge te monitor in hulle wyke, wil hulle graag in alle redelikheid teenoor hulleself as raadslede darem net geken wees in die saak en voordat so 'n omruilingvan huise plaasvind moet daar vooraf deur die dorpsbestuurder, die permithouer en die betrokke raadslid in die betrokke wyk waar die huis gesetel is oorleg gepleeg word voordat die amptelike omruiling plaasvind. Die gemeenskap het daarteen beswaar gemaak. (Getuie lees items 15, 16 en 17 uit aan hof) Ek kan net vir u sê die probleem is dat Sharpeville is in 1980 geëlektrifiseer en baie inwoners het die gewoonte aangeknoop veral in die winter as dit nou baie koud is, dan sit hulle die stoof aan en hulle maak die oond oop sodat dit nou 'n natuurlike verwarmingstelsel kan wees vir die huis. Dit het tot gevolg gehad dat die elektrisiteitsrekenings baie hoog was en normaalweg is dit omtrent so R25,00 per maand, maar as jy dit begin doen, dan skiet hy op na R100,00 en meer en dan kla die inwoner by die dorpsbestuurder maar sy rekening is baie hoog. Om die korrektheid van die metering van die meter te toets, word die meter uitgehaal, dit word getoets deur die tegniese werkswinkel en dit kos R15,00 en as die meter verkeerd is, dan kry die inwoner sy R15,00 terug, maar as die meter reg is, dan hou ons die R15,00. Ongeveer 98% van die toetsings was korrek gewees, so die mense het nie hulle R15,00 teruggekry nie en dit was die rede vir hulle beswaar. (Getuie lees items 18, 19 en 20 uit aan hof)

MNR. JACOBS : Net een vraag nog. Sedert die onluste en die huur en diensgelde nie behoorlik betaal word nie, wat is die finansiële toestand van die raad op hierdie huidige

... / oomblik

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

oomblik? -- Ek kan vir u sê as ek net so 'n klein bietjie agtergrond kan gee. Die onluste het hulle gesê was die R5,90 die gevolg, maar sonder om die Hof se tyd te mors, het hierdie groep gesê - items 19 en 20 het ek daar genotuleer, het hulle gesê "The R5,90 is a problem, but the crux of the matter is the concept of local government, not the system as much, but the way local government for Blacks had been implemented by way of the act, which had been passed by a White Parliament while the Blacks had not been party to the lawmaking process." Hulle het gesê dit was eintlik die rede en ek moet vir u sê 18 September is die verhoging afgeskaal, hy is weggetrek en toe het ons almal aanvaar die huurgeld sal maar weer betaal word soos dit al die jare betaal is. Tot en met die einde van Augustus het almal betaal en toe is die onluste oor die R5,90 toe haal ons dit af agtien dae daarna en toe het ons gedink nou sal die mense betaal, die R5,90 is nie 'n oorsaak nie. Tot vandag toe, ek dink die stadstesourier het reeds kommentaar gegee, het ek dit dat van 3 September 1984 tot aan die einde van Februarie 1986 is ons om en by omtrent R34 miljoen tekort aan inkomste wat ons moes gegenereer het by wyse van hierdie dienstegelde wat nie gerealiseer het nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 7 APRIL 1986.

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.